

Die bepaling van die wins- en verlieskruispunt van mielie-
opberging by koöperasies met spesiale verwysing na die
Sentraal-Westelike Koöperatiewe Maatskappy, Beperk.

deur

Johannes Hendrik Els. B. Comm (Hon.) C.A.(S.A.)

Skripsie aangebied ter gedeeltelike voldoening aan die
vereistes vir die graad

Magister Commercii.

in die

Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe

van die

Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

Potchefstroom

Onder leiding van Mnr. A. J. E. Sorgdrager.

Januarie 1960.

Voorwoord en bedankings. (1).

Graag wil ek hier my dank en erkentlikheid betuig aan almal wat my van verskillende kante op vriendelike en belangstellende wyse bygestaan het.

In besonder wil ek aan Mnr. A.J.E. Sorgdrager my dank en waardering uitspreek vir sy wetenskaplike voorligting, asook vir sy besondere belangstelling in hierdie skripsie.

Ook aan Dr. F.J.J. Coetzee my dank vir die waardevolle wenke wat by aan die hand gedoen het.

Voorts my dank aan die Raad van Direkteure van die Sentraal-Westelike Koöperatiewe Maatskappy, Beperk vir die welwillende toestemming om van hulle state gebruik te maak. Ook aan die bestuur en personeel van die koöperasie vir die hulp en medewerking aan my verleen. Ook aan my eggenote 'n besondere woord van dank vir haar geduld en bemoediging ten tye van my studie.

Ek is ook dank verskuldig aan die personeel van die verskillende biblioteke. Hulle was vriendelik en uiters hulpvaardig.

Aan Mev Geldenhuys is ek dank verskuldig vir die netjiese tikwerk.

Aan God al die eer.

Potchefstroom.

Januarie 1960.

Opgedra aan my gesin.

InhoudsopgaweHoofstuk 1 Inleiding.

1. Algemene inleiding.
2. Probleemstelling.
3. Literatuur
4. Metode.
5. Indeling van die skripsie.

Hoofstuk 2. Faktore wat die opberging van mielies beïnvloed.

1. Faktore wat die grootte van die oes wat hanteer sal word, beïnvloed.
 - a. Inleiding.
 - b. Boerderytoestande
 - c. Pryse
 - d. Meganisasie van die boerderybedryf.
 - e. Wetenskaplike navorsing
2. Die posisie van die koöperasie
 - a. Inleiding
 - b. Beleid
 - c. Die invloed van die beleid op die kostestruktuur.
 - d. Samevatting.
3. Faktore by die ontvangs van mielies.
 - a. Inleiding.
 - b. Daarstelling van ontvangsdepots
 - c. Indiensneming en opleiding van personeel
 - d. Meganisasie
 - e. Graansuiers.
 - f. Samevatting.
4. Faktore by die opberging van die mielies.
 - a. Inleiding
 - b. Bewaring teen insekte en knaagdiere.
 - c. Bewaring teen natuurkragte.
 - d. 'n Vergelyking van die koste om mielies in 'n skuur, en om dit onder seile, op te berg.
 - (1) Bepaling van die koste per sak per jaar waar die mielies in 'n skuur gepak word.

(2) Bepaling van die koste per sak per jaar waar die mielies buite geberg word en met seile bedek word.

c. Samevatting.

5. Faktore by die versporing of die versending van die mielies.

a. Inleiding.

b. Hantering.

(1) Inleiding.

(2) Direk vanaf die stapel in die spoorwegtrok.

(3) Besonderhede wat deur die agent verskaf moet word op die M.A.5-vorm.

(4) Besonderhede wat deur die koper op ontvangs verstrekk moet word.

(5) Besonderhede van die kredietnotas.

(6) Besonderhede van die oorbetalingsadvies.

c. Vervoer van die mielies na die trok.

(1) Waar die depot oor 'n weegbrug beskik.

(2) Waar die depot nie oor 'n weegbrug beskik nie.

(3) Padmotordiens-depots.

(4) Die invloed van die verskeie wyses van hantering op die koste.

6. Invloed van die versending op die vergoeding.

a. Inleiding.

b. Boetes teen vergoeding.

c. Samevatting.

7. Landbankrente.

8. Ander faktore by die opberging van mielies.

a. Inleiding.

b. Salarisse-depotpersoneel.

c. Lone

d. Bankkoste en assuransie

e. Waardevermindering op uitrusting.

f. Administratiewe onkoste.

g. Samevatting.

9. Vergoeding wat verdien kan word.

- a. Inleiding.
- b. Hanteringsvergoeding.
 - (1) Klousule 33.
 - (2) Klousule 35.
- c. Opbergingsvergoeding.
 - (1) Klousule 36
 - (2) Vergoeding vir buitestapeling.
- d. Samevatting.

Hoofstuk 3. State-analise.

- 1. Inleiding
- 2. Die organisasie van Sentraal-Wes.
- 3. Ontleding van die graanafdeling se state.
 - a. Inleiding.
 - b. Inkomste en uitgawes.
- 4. Ontleding van die saangevatte inkomste-en uitgawerekening.
 - a. Inleiding.
 - b. Inkomste.
 - c. Uitgawes.
 - d. Toedeling.
 - (1) Toedeling van uitgawes op koste aan mielies en die bepaling van die koste per sak.
 - (2) Berekening van dié inkomste per sak mielies.
- 5. Die wins- en verlieskruispunt.
 - a. Inleiding.
 - b. Berekening van die wins- en verlieskruispunt.
 - c. Ontleding van die grafieke.
 - d. Gevolgtrekkings.
- 6. Samevatting.

Hoofstuk 4. Enkele slotbeskouings en 'n toekomsbeleid.

- 1. Beskouing van inkomste en uitgawes.
 - a. Inkomste en uitgawes van mielies.
 - b. Inkomste en uitgawes van die graanafdeling en ander afdelings
 - c. Hoofkantoor administrasie koste
 - d. 'n Algemene beskouing van inkomste en uitgawes van mielies.

2. Toekomsbeleid en enkele aanbevelings.

3. Samevatting.

Hoofstuk 5. Algemene samevatting.

1. Faktore by die opberging van mielies.

a. Die grootte van die oes wat ontvang sal word.

b. Faktore by die ontvangs van mielies.

c. Faktore by die opberging van mielies.

d. Faktore by die versporing.

e. Ander faktore by die opberging van mielies

f. Vergoeding wat verdien kan word.

2. Ontleding van state.

3. Enkele beskouings en 'n toekomsbeleid.

Opsomming in Engels.

Bylaes.

Bronnelys.

Tabelle.

1. Die mielie-ontvangste van Sentraal-Wes bereken as persentasie van
 - (a) die totale ontvangste van die Raad van Eebeer oor die Mielienywerheid en (b) as persentasie van die mielies deur alle koöperasies aan die Raad gelewer.
2. Ontvangste van mielies deur Sentraal-Wes vir die seisoene 1953/54 tot 1957/58.
3. Verspreiding van bergruimte in skure van Sentraal-Wes-beskikbaar vir mielies.
4. Boetes teen vergoeding.
5. Persentasie-tekorte op mielies ontvang.
6. Koste van sakke by die hantering van mielies.
7. Gemiddelde opbergings tydperke vir sekere seisoene.
8. Diverse regstreekse kostevergelyking.
9. Koste van Landbankrente per sak mielies ontvang.
10. Koste toegedeel aan die mielie-oeste van verskeie seisoene
11. Inkomste per sak mielies ontvang en die berekening van die netto inkomste.
12. Vergelyking van koste en inkomste per sak.
13. Die wins-en verlieskruispunt.
14. Besonderhede wat van die grafieke gelees kan word.
15. Die vergoeding wat per sak verdien moet word om die wins- en verlieskruispunt te bereik.
16. Die tydperk wat elke sak ontvang, vir verskeie hoeveelhede opgeberg moet word om die wins- en verlieskruispunt te bereik.
17. Veranderlike begroting van die vergoeding wat verdien moet word om die wins- en verlieskruispunt te bereik.
18. Inkomste en koste uitgedruk in persentasies.
19. Inkomste uit mielies as 'n persentasie van die totale inkomste uit mielies.

Bylaes .

1. Die gebied van Sentraal-Wes
2. Finale rekenings op 31 Januarie 1959.
3. 'n Grafiek vir die vergelyking van die koste verbonde aan opberging.
(In skure en onder seile).
4. 'n Vergelykende staat van die graanafdeling-inkomste vir die tydperke aangedui.
5. 'n Vergelykende staat van die graanafdeling-uitgawes vir die tydperke aangedui.
6. 'n Staat van diverse items vir die tydperke aangedui.
7. Bylae 5 weergegee vir elke koste item as 'n persentasie van die totaal van alle koste vir elke tydperk.
8. Bylae 5 weergegee vir elke koste as 'n persentasie van die totaal van elke pos.
9. Uitgawes van die graanafdeling en die hoofkantooradministrasiekoste verminder met die inkomste anders as uit mielies.
10. Die totale koste volgens bylae 9, toegedeel aan elke sak mielies ontvang.
11. Uitgawes volgens die Saamgevatte Inkomste-en Uitgawerekening.
(Hoofkantooradministrasiekoste).
12. Inkomste volgens die Saamgevatte Inkomste-en Uitgawerekening.
13. en 14. : Bylae 11 weergegee in persentasies.
15. 16. 17. 18. en 19. : Grafieke van die wins-en verlieskruispunt vir die verskeie seisoene.
20. Opsomming van die mieliehandelsrekenings van die verskeie seisoene.
21. Die organisasie van Sentraal-Wes.
22. Die kumulatiewe frekwensie-kromme van bruto inkomste uit mielies vanaf 1953/54 tot 1957/58.
23. Die kumulatiewe kostekromme.
24. Inkomstekromme vir die verskeie seisoene.
25. Skematiese voorstelling van die bruto inkomste uit mielies.

Hoofstuk 1. Inleiding.

1. Algemene Inleiding.

Tot en met 1937, voor die inwerking treding van die Bemerkingswet, is mielies deur koöperasies self verkoop op die sogenaamde peolstelsel. Met die peolstelsel word bedoel die stelsel waarvolgens die koöperasies mielies van sy lede ingeneem het, 'n sekere voorskotprys aan die lid betaal het en dan daarna gepoog het om die mielies teen die beste moontlike prys van die hand te sit. Die mielies van elke lid het hulle identiteit in die massa verloor en nadat alle mielies bemark is, koste en verliese, asook 'n sekere kommissie op hantering deur die koöperasie gevorder is, is die balans, indien enige, op 'n pro rata basis aan die lede wat mielies gelewer het, uitbetaal. Hierdie uitbetaling staan bekend as agterskot. In 1935 (Wet No 59 van 1935) word wetgewing deur die regering aangeneem waarkragtens die Raad van Beheer oor die Mielienywerheid ingestel is. In 1939 word die Raad hersaangestel deur proklamasie No. 77, uitgevaardig kragtens Wet No. 26 van 1937, waardeur verskeie bevoegdhede aan die Raad verleen is, o.a. om mielie-meulenaars en -handelaars te registreer, asook om van 1941 af, met goedkeuring van die Minister van Landbou, die pryse van mielies en mielieprodukte vas te stel. Dit bepaal ook verder dat 'n koöperasie as 'n agent aangestel moet word aler mielies ten behoeve van die Raad hanteer kan word.

Dit is egter nodig vir 'n koöperasie wat as 'n agent van die Raad wil optree, om as een van sy doeleindes te stel dat dit sal optree as agent van die Raad van Beheer oor die Mielienywerheid. (Wet op Koöperatiewe Verenigings, Artikel 6 (1)(v)) Na voldoening aan hierdie vereiste, word daar 'n ooreenkoms tussen die Raad en die koöperasie aangegaan vir die hantering van die mielies van elke seisoen. In hierdie dokument word regulasies neergelê wat betrekking het op die ontvangs, gradering, opberging, versporing en die vergoeding wat aan die agent betaal sal word vir gemelde dienste.

Die doel van 'n Koöperasie is nie winsbejag nie, maar die lewering van dienste aan die lede daarvan, wat insluit die hantering van die produkte van lede, so ekonomies moontlik en tot die grootste moontlike voordeel. Die doel van die koöperasies sluit in die hantering van alle graangewasse wat beheer word, geproduseer deur lede en ook nie-lede (omdat koöperasies daartoe verplig word in terme van die ooreenkoms met die Beheerrade.) In hierdie opsig oorskry die koöperasie dus een van sy vernaamste beginsels, naamlik om net met lede te handel. Hierdie oorskryding van die beginsel is egter nie uit vrye wil nie, maar die koöperasies word daartoe verplig deur die verskeie Beheerrade. Die koöperasie tree nou op as 'n agent, wat slegs die produk hanteer en geen direkte beheer het oor die prys van die produk nie.

2. Probleemstelling.

Soos hierbo gemeld, tree die koöperasie op as 'n agent van die Beheerrade. Die koöperasie word volgens 'n ooreenkoms as 'n agent aangestel. Vir die doel van hierdie studie, soos die titel dit aandui, gaan dit hier in die besonder oor die opberging van mielies met spesiale verwysing na die Sentraal-Westelike Koöperatiewe Maatskappy, Beperk.

Deur die ondertekening van die ooreenkoms word die koöperasie nou aangestel as 'n agent van die Raad van Beheer oor die Mielienywerheid. Die ooreenkoms maak voorsiening vir die ontvangs, uitbetaling aan produsente, versending op instruksie van die Mielieraad, die opberging daarvan en die vergoeding wat aan die agent betaal sal word. Die doel van hierdie studie is om op die vergoeding wat aan die agent betaal word, in te gaan en meer in die besonder die opbergingsvergoeding wat betaal word vir die opberging van die mielies totdat instruksies van die Mielieraad ontvang word om die mielies aan 'n koper te verspoor. Hierdie vergoeding sal dan met die koste van ontvangs, uitbetaling, opberging en versporing vergelyk word. Uit die inkomste en onkoste sal dan getrag word om 'n afleiding te maak om die wins en verlieskruispunt by die opberging van

mielies vir die besondere koöperasie, aan te dui. Ook sal pogings aangewend word om voorstelle aan die hand te doen om die swakhede in die stelsel van vergoeding, wat aangedui sal word, te probeer te bowe kom.

3. Literatuur

Heelwat literatuur het al verskyn oor die verbouing van mielies en die mieliënywerheid. Oor die produksiekoste van mielies in sekere gebiede, het onlangs 'n pamflet verskyn.

(1) Sover bekend, bestaan daar egter geen literatuur wat spesifiek handel oor die onderwerp van vergoeding wat die Mielieraad aan agente betaal wat namens die Raad mielies hanteer, opberg en verspoor nie. Met hierdie skripsie word gepoog om 'n bydrae te lewer tot die bestaande literatuur oor landboukoöperasies, veral waar koöperasies die afgelope aantal jare ekonomies so belangrik geword het.

4. Metode

Die empiriese-analitiese metode word toegepas en die skripsie het net een landboukoöperasie tw. Sentraal-Westelike Koöperatiewe Maatskappy, Beperk, betrekking, waarna voortaan in hierdie werk as slegs Sentraal-Wes verwys sal word. Die rede hiervoor is dat Sentraal-Wes ongetyfeld die grootste enkele hanteerder in die Unie is, soos sal blyk uit die onderstaande tabel wat aandui (a) die persentasie van die totale ontvangste in gebied A, en (b) die persentasie van die ontvangste van koöperatiewe agente.

(1) Departement van Landbou.
Pamflet No. 359: Metode van Berekening van Mielieproduksiekoste (1958).

Tabel 1.

Die mielie-ontvangste van Sentraal-Wes bereken as persentasie van (a) die totale ontvangste van die Raad van Beheer oor die Mielienywerheid en (b) as persentasie van die mielies deur alle koöperasies aan die Raad gelewer.

Jaar.	% Van Totale Ontvangste	% Van Ontvangste Van Koöperasies.
1945-46	27.3	42.3
47	15.5	26.6
48	18.6	31.9
49	27.6	40.5
50	12.5	19.5
51	21.9	33.3
52	25.5	35.5
53	13.5	19.7
54	22.4	33.2

(Bron: Bos; 1956, 40).

(Nota: Tensy anders vermeld, is alle tabelle eie waarneming).

Uit die tabel blyk die posisie en bydraes van die koöperasies en van Sentraal-Wes heel duidelik. Dit blyk dat die aandeel van Sentraal-Wes, ondanks aansienlike skommeling gedurende die nege jaar, gemiddeld ruim 31% van die totale ontvangste van alle koöperatiewe agente bedra het, en ruim 20% van die totale ontvangste van die Mielieraad in gebied A, vir die genoemde tydperk. Daar kan dus aangeneem word dat die Sentraal-Wes koöperasie as verteenwoordigend beskou kan word. (Bos, 1956;40)

Hierdie syfers spreek des te duideliker as in gedagte gehou word dat daar in gebied A agtien koöperatiewe agente optree en dat die totale aantal depots waar mielies ontvang word op ongeveer 300 te staan kom, waarvan ruim 100 vir die rekening van Sentraal-Wes kom.

(Bos; 1956, 40).

5. Indeling van die Skripsie.

In hoofstuk 2 sal die faktore wat 'n invloed het op die opberging van mielies, bespreek word. Eerstens sal die faktore wat die grootte van die mielie - oes beïnvloed, bespreek word en daarna die posisie van die koöperasie bepaal word.

Die faktore by die ontvangs van die mielies, die opberging en versporing daarvan, sal vervolgens bespreek word. Ook sal 'n vergelyking gemaak word tussen die koste van opberging in skure en onder seile. Vervolgens word die tariewe van vergoeding per sak vir hantering en opberging aangegee en bespreek.

Ten slotte sal ander faktore, wat 'n invloed het op opberging, bespreek word.

Hoofstuk 3 gee die ontleding van die state van Sentraal-Wes vir sekere aantal opeenvolgende tydperke.

Omdat geen koste verslae deur Sentraal-Wes gehou word nie, moet koste op 'n sekere basis toegedeel word en geskied dit met uitgangspunt dat mielies die hoofproduk is. Inkomste uit ander bronne sal beskou word as 'n vermindering van die administrasiekoste en die balans word aan die verskeie mielie-oeste op die markprysmetode toegedeel.

Daarna sal die wins en verlies kruispunt bereken word en toegelig word met grafieke.

Enkele beskouings en 'n toekomsbeleid sal in hoofstuk 4 gegee word wat o.a. insluit beheer van koste, die opstel van veranderlike begrotings en die konsolidasie van die posisie van Sentraal-Wes. 'n Algemene samevatting sal ten slotte in hoofstuk 5 gegee word.

/Hoofstuk,,,

Hoofstuk 2. Faktore wat die opberging van mielies beïnvloed.

Daar is verskeie faktore wat 'n invloed het op beide inkomste en uitgawe wanneer mielies ontvang word en namens die Mielieraad opgeberg word. Faktore wat so 'n invloed het, word in hierdie hoofstuk bespreek.

1. Faktore wat die grootte van die oes wat hanteer sal word, beïnvloed.

a. Inleiding.

Die grootte van die mielie-oes wat hanteer sal word, het die grootste invloed van alle faktore wat die wins - en verlies - kruispunt by die opberging van mielies beïnvloed. Net soos by die produksie van een of ander produk, daal oor hier die eenheidskoste vir elke eenheid meer ontvang, omdat vaste koste oor meer eenhede versprei word. By die vergelyking moet daar egter op gelet word dat uit die aard van die saak, soos later uit die besprekings sal blyk, is die vaste koste om mielies te hanteer en op te berg, in verhouding baie hoër as by die produksie van produkte in die algemeen.

/Daar.....

Daar dien ook gelet te word dat die koöperasie hoegenaamd geen direkte invloed kan uitoefen om die mielie-oes te verhoog wat dit sal hanteer nie. Slegs 'n beperkte invloed kan uitgeoefen word soos byvoorbeeld doeltreffende dienste aan die nie-lede wat nie noodwendig hulle mielies by die besondere koöperasie moet lewer nie. Dit geld egter net in die grensgevallen en nie in die algemeen nie, soos byv. waar die area van die een koöperasie onmiddellik langs dié van 'n ander koöperasie geleë is.

b. Boerdery-toestande.

Dit is die grootste enkele faktor wat die grootte van die oes wat hanteer sal word, beïnvloed. Dit is duidelik dat as boerderytoestande ongunstig is, daar nie 'n goeie oes verwag kan word nie. Met goeie boerderytoestande word bedoel genoeg reën op die regte tyd. 'n Reënval van gemiddeld 20 tot 30 duim per jaar, word gereken as toereikend om mielies betalend te verbou, alhoewel daar in sekere gebiede wat Sentraal-Wes bedien, tewete die noordelike gedeeltes van die Vrystaat en dele van die Wes-Transvaal, tog mielies verbou word met 'n reënval van minder as 20 duim per jaar. (Boerdery in S.A., Jan. '59 (30).

Droogte op 'n kritieke stadium, byvoorbeeld wanneer die mielies in die saad kom of in die kop stadium, kan die oes feitlik vernietig. Andersins kan, as dit nie betyds reën nie, die planttyd vir mielies verbygaan en moet ander gewasse verbou word teneinde 'n inkomste aan die boer te verseker. Mielies bly egter die vernaamste gewas uit die standpunt van volks-

/voeding...

voeding gesien en in terme van hoeveelhede. Dit raak ook die laer inkomstegroepe, dit wil sê die grootste gedeelte van die bevolking. Weens sy spesiale aanpassingsvermoë aan toestande in Unie, het die mielie die basiese voergewas vir dierevoeding geword en dien dit as die vernaamste kragvoer by die produksie van beskermende voedsels soos suiwelprodukte, varkvliesprodukte en eiers. Die aanwesigheid van die mielie in die boerdery-onderneming van die vernaamste akkerboustreke van die land, maak dus die uiters wenslike kombinasie van akkerbou en veeteelt moontlik wat weens die orsekerheid waaraan akkerbou in hierdie land onderhewig is, groter stabiliteit by boerdery in die hand werk. (Departement van Loudbou, 1944. Pamflet: Heropbou van die Landbou, 35.)

c. Pryse.

Die prys per sak mielies wat aan die produsent van mielies betaal word, het maar 'n geringe invloed op die hoeveelheid mielies wat verbou sal word omdat pryse vir elke seisoen eers kort voor die oestyd van elke seisoen bekend gemaak word. Die landbougrond waarop mielies verbou word, raak geleidelik uitgeput dus sal die boere tog op die een of ander tyd verplig word om tot wisselbou oor te gaan of tot 'n stelsel van rusoste. Ons vind dan ook dat die Departement van Landbou grasrusoste subsidieer ten einde die boere aan te moedig om die uitgeputte landbougrond weer op te bou.

Sedert die oorlogsjare vind ons dat grondbone in die Noordwes-Vrystaat en Wes-Transvaal, die gebied wat grootliks deur Sentraal-Wes bedien word, verbou word. Die rede vir die gedeeltelike oorskakeling van mielies na grondbone, is die hoër prys wat vir grondbone betaal word, en die bestandheid teen droogte. Die produksie van grondbone in die Unie het gestyg van 7,000 ton in die oorlogsjare, tot 138,000 ton in 1954.

(Offisiële Jaarboek van die Unie van S.A., 1954/55, 539)

d. Meganisasie van die boerderybedryf.

Meganisasie van die boerderybedryf het 'n groot invloed op die produksie van mielies. Die verhoging van die produksie van hoofsaaklik die blankes, kan tot 'n mate toegeskryf word aan meganisasie, alhoewel ander faktore ook daartoe bygedra het soos die gebruik van beter saad en mineraalstowwe.

In die twintig jaar vanaf 1937 tot 1957 het die aantal trekkers wat in die landboubedryf gebruik word, toegeneem van 6,000 tot 105,000. In die laaste ses jaar van hierdie tydperk is meer trekkers gekoop as in die voorgaande dertig jaar. (Boerdery in S.A., Apr. '59). Die invloed op die produksie van mielies is duidelik as ons daarop let dat in die jare 1950 - '54, die mielieopbrengs van die Transvaal styg met 10% en van die Vrystaat met 2%. Let ons op die produksie van die area wat Sentraal-Wes bedien, (sien Bylae/A) tw. 'n gedeelte van Wes-Transvaal en die Noordelike Vrystaat, is die verhoging van die mielie-opbrengs merkwaardig. In die Wes-Transvaal het die produksie van mielies die afgelope dertig jaar meer as vervyfvoudig terwyl dié van die Noordwes-Vrystaat meer as verdriedubbel het. (Boerdery in S.A. Jan. '59 (30)).

Hierdie vermeerdering kan toegeskryf word aan meganisasie wat die produsent in staat stel om 'n groter oppervlakte vinniger, deegliker en met minder arbeid te bewerk. Deurdad die trekos nou deur die trekker vervang is, is 'n groter oppervlakte vir beplanting beskikbaar aangesien hierdie grond vroeër gebruik moes word om veld en weiding aan die trekos te verskaf.

As gevolg van die hoër spoed waarmee die landbougronde nou bewerk kan word, asook die deegliker bewerking wat dit tot gevolg het, kan die produksie per eenheid nou ook verhoog word. Die feit dat die bewerking van die landbougrond vinniger en meer intensief kan geskied, het tot gevolg gehad dat grondpryse die hoogte ingeskiet het, ook omdat die inkomste van 'n plaas verhoog kon word deurdad meer morge met mielies beplant kon word.

/e. Wetenskaplike..

e. Wetenskaplike navorsing.

Met die intensiewer verbouing van mielies, het ook probleme gekom soos plaë en die daling van opbrengs per morg as gevolg van gronduitputting. Die wetenskap het egter nie op hom laat wag nie en ons vind bemoedigende resultate waar navorsing gedoen is.

Een van die grootste plaë waarmee die boer te kampe het, is die sogenaande mieliestamboorder. Navorsing met betrekking tot doeltreffende bestryding, het aan die lig gebring dat die plaag die beste bestry kan word deur D.D.T. - toediening op twee voet hoogte en later op die bestuifde koppe. (Offisiële Jaarboek, Unie van S.A., 1954/55; 533).

Gronduitputting word tans teengewerk deur die toediening van mineraalstowwe, veral fosfate. (Offisiële Jaarboek, Unie van S.A. 1954/55;533). Grondmonsters word getrek en word wetenskaplik ontleed en 'n aanbeveling word gemaak watter mineraalstowwe toegedien moet word en in watter hoeveelhede per morg. Wisselbou word ook wetenskaplik aanbeveel as 'n metode om gronduitputting teen te werk, of 'n stelsel van rusoste. Van owerheidsweë word 'n stelsel van grasrusoste gepropageer by wyse van subsidiëring van die aanplanting van gras oor 'n sekere aantal jare.

Saad is ook verbeter en ontwikkel deur wetenskaplike kruising, waarvan die Potchefstroom Pêrel X K64, vandag een van die bekendste nuwe saad soorte is en in die algemene spreektaal as bastersaad bekend staan. Die opbrengs van hierdie bastersaad is gemiddeld 35 persent hoër as dié van die oopbestuifde soorte, dit is ook meer roesbestand as die oopbesuifde soorte. (Offisiële Jaarboek Unie van S.A. 1954/55;533).

2. Die Posisie van die Koöperasie.

a. Inleiding.

Elke onderneming het 'n sekere kapasiteit hetsy dit produseer of distribueer. Dieselfde reël geld ook vir koöperasies,

/naamlik.

naamlik dat dit 'n sekere kapasiteit het en dus ook 'n sekere kapasiteit om mielies te hanteer.

Aangesien daar skommeling in die produksie van mielies is, soos in voorgaande paragrawe aangedui is, veroorsaak dit dat die aantal sakke mielies wat ontvang sal word dus ook sal wissel. Hierdie skommeling veroorsaak dat oorkapasiteit of onderkapasiteit kan ontstaan. Na die reëlmaat en die „periodisiteit“ (vander Schroeff, 1957, 381) waarmee die skommeling in die produksie en/of afset hulle voordoën, kan onderskei word tussen die ritmies gebonde fluktuasies en die ritmies vrye bewegings. Tot eersgenoemde behoort die seisoenskommeling, omdat die gebonde is aan die reëlmatigheid binne die jaarperiode van 'n wederkerende tydstep of jaargetye. Tot die laaste behoort die konjunkturskommeling waarvan die oorsake te vinde is in die wisselvallige klimatologiese invloede. Elk van hierdie skommeling skep sy besondere probleme met betrekking tot oorkapasiteit wat dan ontstaan (v.d. Schroeff, 1957, 381).

Die koöperasies se probleem van oorkapasiteit is dus te vinde in die ritmies vrye bewegings of konjunkturskommeling wat veroorsaak word deur klimatologiese invloede, omdat oor 'n tydperk van 'n paar jaar, klimaatstoestande die vernaamste faktor is wat die hoeveelheid mielies wat ontvang sal word, beïnvloed, in vergelyking met ander faktore soos beter produksie metodes, groter area wat met mielies beplant word en die ander faktore hierbo genoem.

Aangesien die landboukoöperasie dus 'n seisoensbedryf is, moet die oorkapasiteit en ook die onderkapasiteit hetsy as 'n onvermydelike tegniese gevolg of as 'n ekonomiese onvermydelikheid aanvaar word met die oog op die kosteoorweginge. As aangeneem word dat produksie doeltreffend geprojekteer is, behoort die nadele van oorkapasiteit tot die onvermybare

/nadele.....

nadele van produksie en maak as sodanig deel van die koste uit (vander Schroeff, 1957, 382).

Oorkapasiteit vorm 'n belangrike ekonomiese nadeel. Om oorkapasiteit weg te neem, so ver moontlik, moet produksie (vir die koöperasie die ontvangs van mielies) soveel moontlik vergelykmatig word. 'n Ander weg wat oop staan, is om die seisoenperiode te verleng deur meer as een produk te produseer, wat ook deur die koöperasies gedoen word sover dit moontlik is deur ander graansoorte te ontvang soos koring, sonneblom, grondbone en andere.

b. Beleid:

Te midde van hierdie faktore wat die aantal sakke wat hanteer sal word beïnvloed en waaroor die koöperasie geen beheer het nie, moet nou 'n beleid geformuleer word ten opsigte van die voorsiening wat gemaak sal word om 'n gegewe aantal sakke te hanteer. Hier kan ons onderskei tussen die beleid wat oor die langtermyn gevolg sal word en dié wat oor die korttermyn gevolg sal word. Met die langtermynbeleid word hier bedoel dié beleid wat oor 'n aantal jare gevolg sal word om voorsiening te maak vir die hantering van 'n gemiddelde grootte oes. Die wese van die langtermynbeleid is om skuurruimte daar te stel sodat die mielies onderdak geberg kan word en ander hulpmiddels, wat verder aan bespreek sal word, daar te stel ten einde hantering te vergemaklik en te bespoedig. Met die beleid oor die korttermyn word bedoel dié beleid wat gevolg sal word in die tydperk wat die ontvangs van die mielies onmiddellik voorafgaan. Die sluit onder andere in die verkryging en voorsiening van sakke aan die boere en aanstelling en opleiding van personeel, wat in die volgende afdeling van hierdie hoofstuk meer volledig bespreek sal word. Dit sluit ook in die voorsiening wat gemaak sal word om mielies wat buite opgeberg sal moet word, te bedek en te beskerm, waarvoor gewoonlik seile gebruik word, wat dus groot

/invloed.....

invloed op die veranderlike koste het soos sal blyk uit die bespreking in sub paragraaf (d) hieronder.

Die formulering van die langtermynbeleid, kan anders gestel word, naamlik: die bepaling van die kapasiteit van hantering. Die beste leidraad kan verkry word uit gegewens van voorgaande jare, deur 'n gemiddelde te bepaal van die hoeveelheid sakke wat vir 'n aantal seisoene hanteer is. Soos blyk uit die onderstaande tabel, gebaseer op die ontvangste van die vyf jaar vanaf 1953/54 tot 1957/58, is die gemiddelde ontvangste vir Sentraal-Wes $7\frac{1}{2}$ miljoen sakke per jaar. Aangesien egter in die jaar 1957/58 'n buitengewone groot oes ontvang is, moet die ontvangste van daardie jaar buite rekening gelaat word, wat ons dan 'n gemiddelde gee van 7 miljoen sakke wat 'n meer aanvaarbare syfer is as eersgenoemde. Die normale kapasiteit van Sentraal-Wes kan dus op sewe miljoen sakke per jaar gestel word.

Tabel 2.

Ontvangste van mielies deur Sentraal-Wes vir die seisoene van 1953/54 tot 1957/58.

Seisoen	Aantal Sakke '000
1953/54	6,120
1954/55	7,904
1955/56	7,199
1956/57	7,072
1957/58	9,566
Totaal :	37,862
	Totaal vir 4 jaar 28,295 (uitsluitend 1957/58)
Gemiddeld	7,572 Gemiddeld 7,074

c. Die invloed van die beleid op die kostestruktuur.

Dit is duidelik dat die beleid wat gevolg sal word, 'n groot invloed sal hê op beide vaste en veranderlike koste. Ons sal dus vind dat waar 'n langtermynbeleid gevolg word, met ander woorde om voorsiening te maak om 'n normale oes

/te hanteer...

te hanteer en onderdak op te berg, die vaste koste geval hoër sal wees as in die geval waar die korttermynbeleid gevolg word, naamlik opberging buite, en bedek met seile. In die geval van veranderlike koste, sal die toestand net omgekeerd wees, nl. dat die veranderlike koste hoër sal wees as in die geval waar die langtermynbeleid gevolg word. Vaste koste sal hoër wees omdat skure opgerig sal word, wat waardevermindering sal verhoog, asook assuransië koste op geboue vir brand en ander skades. Veranderlike koste sal laer wees omdat minder seile, waarop waardevermindering baie hoog is, gebruik sal moet word om mielies wat buite opgeberg word, te bedek. Daar sal ook 'n vermindering in die koste van opberging wees, wat onder andere insluit groter beskadiging van sakke, hoër mate uitdroging en groter beskadiging deur plaë, soos kalander en knaagdier.

Ons vind dus dat daar twee maniere van opberging is; in skure en buite, bedek met seile. Die koste verbonde aan hierdie twee metodes van opberging, sal dus ook verskil omdat die metodes verskillend is. Hierdie koste sal sub-paragraaf d in die besonder behandel en vergelyk word.

d. Samevatting.

Die aantal sakke mielies wat die koöperasie in 'n besondere jaar sal ontvang, hang dus af van faktore waaroor die koöperasie geen beheer het nie. Klimaat speel die vernaamste rol van alle faktore wat 'n invloed het op die aantal sakke mielies wat geproduseer kan word. Sedert die oorlogsjare het die meganisasie van die landbou-bedryf 'n belangrike bydrae gelewer tot die verhoging van die produksie van mielies. In die toekomst sal die invloed van dié faktor geringer wees omdat die tempo van meganisasie aan die afneem is. Wetenskaplike navorsing is ook van belang omdat beter en korrekte bemesting hoër opbrengste verseker.

Die koöperasie moet uit die ondervinding van die verlede, 'n
/beleid....

beleid formuleer met betrekking tot die kapasiteit van die hantering van mielies ten einde ontvangs, hantering en opberging so doeltreffend moontlik te maak teen die laagste koste per eenheid.

3. Faktore by die ontvangs van mielies.

a. Inleiding.

Reeds is aangehaal dat die doel van 'n koöperasie nie winsbejag is nie, maar die lewering van dienste aan die lede daarvan. Waar dan 'n diens gelewer word, word van die koöperasie verwag om die diens so doeltreffend moontlik te lewer teen die laagste koste moontlik. Die ontvangs van mielies direk van 'n lid, ook van nie-lede ingevolge die ooreenkoms met die Mielieraad, wat so doeltreffend moontlik geskied, sal meewerk om die lid lojaal te maak teenoor die koöperasie, veral waar daar vandag nog aan loyaliteit ontbreek by verskeie lede van die koöperasies.

In verhouding tot ander dienste, is die hantering van mielies die verlaagste diens wat Sentraal-Wes aan sy lede lewer. (Sien hoofstuk 4 en bylae 4) Om hierdie rede moet op hierdie diens gekonsentreer word omdat die meeste lede daardeur geraak word en ook om die koste te beheer omdat die koste van hantering van mielies so hoog is. Die beheer van die koste is die belangrikste vir koöperasies, omdat, insoverre dit die hantering van mielies betref, die inkomste verkry uit hantering en opberging afhang van faktore hoofsaaklik buite die beheer van die koöperasie omdat die aantal sakke wat hanteer sal word nie na willekeur kan verhoog of verlaag kan word nie. Daarom moet die koste beheer word en so laag moontlik gehou word om die grootste moontlike voordeel te behaal vir die lede. Pogings word aangewend om koste te beheer, maar die beheer is nie doeltreffend genoeg nie omdat té veel op die historiese koste gelet word as 'n basis en by vergelyking kan 'n misleidende resultaat verkry word omdat historiese koste, items van ondoeltreffende uitgawes kan bevat. By vergelyking van die koste kan die verskille bepaal word,

/maar.....

maar om vas te stel waarom dit verskil en waar dit moet verskil, is onmoontlik, tensy daar 'n vaste basis is waarmee dit vergelyk kan word (Henrici, 1953, 5).

Daar is verskeie faktore wat in ag geneem moet word by die ontvangs of inname van mielies, elk met sy invloed op die uiteindelijke koste op hantering en opberging, of op die inkomste wat verdien kan word. Die faktore wat hier bespreek gaan word, moet dus gesien word in die lig van die invloed op koste en ook op die invloed wat dit kan hê op die inkomste of vergoeding wat verdien kan word.

b. Daarstelling van ontvangsdepots.

Dit is duidelik dat geen graan ontvang kan word voordat ontvangsdepots nie daargestel is en personeel in beheer daarvan is nie. By die oprigting van 'n ontvangsdepot word verskeie faktore in ag geneem, soos afstand van 'n spoorwegstasie of halte, afstand van ander depots, insluitende die van ander koöperasies en ten laaste of die daarstelling van so 'n depot geregverdig sal wees in verhouding tot die hoeveelheid graan wat daar ontvang sal word. 'n Depot word gewoonlik so na moontlik aan 'n spoorwegstasie of - halte opgerig omdat volgens die ooreenkoms met die Mielieraad, die graan by 'n spoorwegstasie of - halte gelewer moet word. (Klousule 33(d) van die Agentskaps-ooreenkoms). By die versporing vergemaklik dit ook die taak aansienlik. Tog word depots soms weg van spoorwegstasies of - haltes opgerig veral waar sommige lede ver van stasie of haltes is en ook inagnemende die hoeveelheid mielies wat verwag word, daar ontvang sal word. Druk word ook soms deur boere-unies op die koöperasies uitgeoefen om depots op te rig en in sommige gevalle moes enkele depots weer gesluit word omdat te min mielies daar ontvang is. Waar depots afgeleë van stasies of haltes is, word van die lid 'n bedrag gevorder ten opsigte van elke sak mielies wat die koste per sal sal wees indien dit deur die padmotordiens van die Suid-Afrikaanse Spoorweë na die naaste halte of stasie vervoer sou word.

/Nadat...

Nadat besluit is om 'n depot op 'n sekere plek op te rig, na inagneming van gemelde faktore, moet 'n geskikte porseel gevind word van voldoende grootte en aangekoop word. Behuising vir blanke sowel as naturelle personeel moet daargestel word en die depot toegerus word om die graan te ontvang en skure moet gebou word om die graan in te pak aangesien die berg van mielies onder dak die beste bewaring van graan bied. Dit is dus duidelik dat die daarstelling van 'n depot baie kapitaal verg. Soos nou sal blyk uit die bestudering van die kaart wat die area aantoon wat Sentraal-Wes bedien, is die gebied uitgestrek en word bedien deur 107 ontvangsdepots. Dit is dus duidelik dat 'n baie hoë kapitaalson benodig is om so 'n groot aantal depots daar te stel. Hierin is een van die koöperasie se grootste probleme geleë, naamlik kapitaal. Die lede van 'n koöperasie stort so min kapitaal dat die onderneming genoodsaak is om groot bedrae geld te leen om doeltreffende dienste aan lede te lewer. Volgens die jongste balansstaat (31 Jan. 1959) van Sentraal-Wes, het ongeveer 11,000 lede slegs £58,633 op aandele opbetaal, dus slegs 'n gemiddelde van £5.3 per lid. Dit moet noodwendig uitbreiding van dienste beperk en koste verhoog in die vorm van rente wat op geleende geld betaal moet word. Die koöperasies was dus verplig om 'n heffing te maak op produkte gelewer ten einde meer kapitaal van die lede te kry. Sentraal-Wes vorder 1d. per sak graan gelewer (Reg. 76) van sy lede as heffingsfonds en 6d per sak (Reg. 78A) van sy lede wat bekendstaan as ledeheffingsfonds. E.g. fonds word slegs uitbetaal as die lid te sterwe kom, ophou om te boere of sy aandele oordra aan iemand anders en dan word in lg. geval slegs 75% van die bedrag tot sy krediet uitbetaal (Reg. 77A). Lg. fonds word uitbetaal na die verloop van ses jaar vandat die bedrag afgetrek is van graan gelewer, asook in die gevalle van dood, bedanking of oordrag van aandele (Reg. 78A). Hierdie fondse het aan Sentraal-Wes £300,000 en £791,000 onderskeidelik aan kapitaal besorg vanaf die inwerking treding van bog. regulasies tot op 31 Jan. 1959, volgens

/die jongste.

die jongste balansstaat van Sentraal-Wes (bylae 2 a). As hierdie kapitaal nie bekom kon word nie, sou Sentraal-Wes beswaarlik soveel depots kon oprig en dieselfde doeltreffende dienste as tans kon lewer.

In hoe 'n mate Sentraal-Wes deur hierdie kapitaaltekort geraak word, blyk uit die feit dat, soos in hoofstuk 2 aange-
toon is, Sentraal-Wes geniddeld 7 miljoen sak mielies per jaar ontvang, en slegs 4.6 miljoen sag mielies onderdak of in skure kan berg en berg ruimte verspreid is soos die onderstaande tabel aantoon.

Tabel 3.

Verspreiding van die bergruimte in skure van Sentraal-Wes beskikbaar vir mielies.

<u>Bergruimte '000 sakke</u>	<u>Aantal depots</u>
Geen	17
2 - 10	6
10 - 20	7
20 - 30	10
30 - 40	17
40 - 50	2
50 - 60	7
60 - 70	4
70 - 80	10
80 - 90	10
90 - 100	5
100 - 110	4
110 - 120	1
120 - 130	1
130 - 140	3
180	1
200	2
<u>4,600,000</u>	<u>107</u>

By ontleding van hierdie gegewens, blyk dit dat Sentraal-Wes slegs 65% van die gemiddelde aantal sakke mielies wat dit ontvang, in skure kan berg. Daar kon dus nog heelwat skure opgerig word voordat vir die optimumruimte voorsien is. Hierdie optimumruimte sal na skatting nie meer as sê 80% van die gemiddelde aantal sakke ontvang moet wees nie, om verskeie redes. Een van die redes is vanweë die lokaliteit van die depots van Sentraal-Wes, dit moontlik is om vinnig van voorrade ontslae te raak en mielies wat nie in skure opgeberg is nie eers te

/verspoor...

verspoor en so onbenutte bergruimte te beperk sover moontlik. Verder ook omdat vanweë wisselende klinaatstoestande, nie altyd die gemiddelde ontvangste van 7 miljoen sak per seisoen behaal sal word nie. Andersyds duik egter die probleem op dat wanneer die graan van 'n besondere seisoen reeds klaar ontvang is, daar nog mielies van die vorige seisoen op hande kan wees, veral ten tye van oerproduksie soos in die afgelope paar jaar die geval was en mielies uitgevoer moes word. Hierdie probleem is egter nie so belangrik nie aangesien dit tot gevolg het dat 'n gemiddelde aantal sakke oor die jaar in skure gehou kan word en bergruimte feitlik ten volle benut kan word.

c. Indiensneming en opleiding van personeel.

Personeel met die nodige kwalifikasies moet in diens geneem word om die grante ontvang, te gradeer, te skuur en te versend. Die kwalifikasies vereis vir 'n magasynmeester is spesifiek, naamlik kennis van gradering van mielies. Hierdie opleiding is egter nie deel van die basiese skoolopleiding nie en dus moet die koöperasie self personeel oplei. Landboukolleges is hier van groot hulp deurdat hulle kort kursusse in gradering aanbied. Die beleid van Sentraal-Wes is om magasynmeesters te moedig om hierdie kursusse by te woon en hulle dra die helfte van die onkoste verbonde aan die opleiding. Soms word opleiding self waargeneem deur kursusse te reël op 'n sentrale punt waar die hoofgraaninspekteur gewoonlik die klasse waarneem.

As daarop gelet word dat 'n groot aantal klasse en grade mielies ontvang word en dat sakke waarin die graan ontvang word, ge-gradeer moet word en die voggehalte van die mielies nie 14% moet oorskry nie (klousule 1 (d)), is dit duidelik dat magasynmeesters goeie kennis van mielies en gradering moet besit. Indien die personeel nie doeltreffend is nie, beïnvloed dit die inkomste wat verdien kan word nadelig aangesien die koöperasie die verlies in gewig en graad van die mielies moet dra, asook die koste van sakke wat nie voldoen aan die graad wat deur die Mielieraad neergelê is nie. Verder word ook nog boetes deur die
/Mielieraad.....

Mielieraad gehef indien verkeerde grade mielies versend word, versporing na die verkeerde adres geskied, gewig per sak te hoog is (206 lbs. per sak oorskry) of die voggehalte die maksimum oorskry (klousule 10). Indien die boetes wat deur die Mielieraad opgelê word, as maatstaf vir personeel doeltreffend geneem kan word, dan is dit duidelik dat in die geval van Sentraal-Wes, die personeeldoeltreffendheid aan die afneem is na aanleiding van die steeds stygende syfer wat die boetes toon volgens onderstaande tabel

Tabel 4.

Boetes teen vergoeding

Seisoen	Aantal sakke ontvang	Boete
	.000	£
1954/55	7,904	154
55/56	7,199	764
56/57	7,072	1010
57/58	9,450	1043

Betroubaarheid en eerlikheid van personeel is 'n ander belangrike vereiste. Koöperasies kry soms te doen met diefstalle wat groot bedrae beloop. Alhoewel verslae elke depot gehou word ten einde die tekort op elke depot vas te stel, is daar nog nie 'n standaard persentasietekort bepaal op die aantal gewig sakke mielies ontvang nie. Dit laat noodwendig 'n gaping vir magasynmeesters om soms diefstal te kan pleeg, binne sekere perke, sonder om enige agterdog te verwek. Oorvleueling van seisoen, maak dit nog moeiliker aangesien daar dikwels verwarring kom en tekorte vir verskeie seisoene dus misleidend kan wees.

Tekorte vir verskillende seisoene toon skommelings, en hierdie syfer kan dus nie noodwendig as 'n „standaard“ geneem word nie, nogtans bied dit tog 'n basis vir vergelyking. Onderstaande tabel toon aan hoe hierdie tekorte van Sentraal-Wes vir die verskillende seisoene gewissel het.

/Tabel.....

Tabel 5.

Persentasie tekorte op mielies ontvang.

Seisoen	Gewig	Waarde	Per sak ontvang.
	%	%	Pennies
1953/54	.19	.29	1.1094
54/55	.52	.52	2.3105
55/56	.35	.4	1.4811
56/57	.48	.54	1.8945
		Gemiddeld	1.6988

Deur 'n standaard vir tekorte in gewig en in waarde te bepaal kan daar 'n verskil gekry word wat as 'n maatstaf vir personeel-doeltreffendheid en - betroubaarheid gebruik kan word. Dit kan selfs op individuele magasynmeesters toegepas word insoverre dit albei betref aangesien vir elke depot die gewigte van mielies ontvang en versend, gehou word. Indien so 'n vaste standaard bepaal kan word, kan dit 'n bruikbare instrument wees in die hande van die bestuur om kontrole te hou oor magasynmeesters en hulle verantwoordelik te hou vir die ontvangs en versending van graan en dus ook vir tekorte in gewig en in waarde.

Naas die blanke personeel, wat die ruggraat vorm van die ontvangspersoneel van mielies, moet 'n groot aantal naturelle arbeiders in diens geneem word om die mielies te hanteer en in stapels te pak. Koöperasies ondervind hier die mededinging van die mynbedryf veral waar dit om loonaanbieding gaan. Dikwels moet arbeid deur middel van werkverskaffingsorganisasies gewerf word wat hoë koste meebring en die arbeider slegs vir 'n sekere tydperk bind en gevolglik ontstaan daar by die koöperasies ook dikwels 'n arbeidstekort net soos in die geval van die mynbedryf.

d. Meganisasie.

As gevolg van arbeidstekorte wat dikwels ontstaan, soos hierbo gemeld, en ook om die ontvangs van mielies te bespoedig, gradering meer noukeurig te doen en die gewig so korrek moontlik te bepaal van mielies wat ontvang is, word al meer van meganiese hulpmiddels

/gebruik....

gebruik gemaak.

Gradering moet nog deur die magasynmeester gedoen word sonder hulp van enige masjiene, maar by die bepaling van die voginhoud van die mielies, geskied dit maklik en gou deur gebruik te maak van 'n Marconi-vogtoestel. 'n Monster van die mielies word geneem en vergruis met 'n koffiemeul. Hierdie vergruisde monster word dan tussen twee kontakpunte geplaas waardeur 'n elektriese stroom gestuur word en die persentasie voginhoud word dan van 'n meter afgelees. Die voginhoud van mielies is belangrik, aangesien die Mielieraad 'n regulasie neergelê het wat bepaal dat geen mielies met 'n voginhoud hoër as 14% nie ontvang mag word nie (klousule 1 (d)). Verder word ook bepaal dat die maksimum voginhoud nie 12½% oorskry nie. Die lid word n.a.w. net uitbetaal vir 'n gewig waarvan die voginhoud nie hoër as 12½% is nie. Om die gewig van die graan wat ontvang word, vinnig en so korrek moontlik te bepaal, word by ontvangsdepots weegbrûe opgerig wat die voertuig met die vrag daarop weeg, wat slegs enkele sekondes neem. Nadat die vrag afgelaai is, word die voertuig weer geweeg. Die verskil in gewig, min die gewig van die sakke, gee die netto gewig mielies ontvang. Vergelyk hiermee die omslagtige metode waar daar van platformskale gebruik gemaak word en slegs enkele sakke op 'n keer geweeg kan word. Dit bring ook mee dat elke sak tweekeer meer hanteer moet word en verg meer administrasie deurdat elke aantal sakke op die skaal geweeg en die gewig aangeteken moet word. Die nasiën van hierdie rekords neem langer en foute kan makliker gemaak word. Die hoë kapitaal koste verbonde aan die aankoop en oprigting van 'n weegbrug en die kapitaalkortkort waaronder koöperasies gebuk gaan, bring mee dat nie elke depot van 'n weegbrug voorsien kan word nie ten einde die voordele te behaal wat hier bespreek is.

By die aflaaï van die mielies vanaf die voertuie van die lede en verpakking in stapels in die skure of buite, word ook van meganisasie gebruik gemaak, alhoewel slegs gedeeltelik. Die

/masjien.....

masjien wat hier gebruik word, word 'n sakhyser genoem, wat eintlik 'n vervoerband is, aangedryf deur binnebrandenjins. Dit word gebruik om die sakke mielies vanaf die voertuig te vervoer tot bo-op die stapel waar die sakke mielies een vir een deur die naturelle-arbeiders geneem word en op die stapel gepak word op so 'n manier dat beskikbare ruimte ten beste benut kan word, dat stapels so stewig moontlik gepak kan word en dat dit die taak van die beroker by die beroking van die mielies vergemaklik.

Al die bogemelde hulpmiddels is daarop gemik om die ontvangs van mielies so doeltreffend moontlik te maak en te bespoedig. Deurdat die ontvangs bespoedig word, kan meer sakke mielies per dag en per maand ontvang word, wat beteken dat die opbergingsvergoeding wat verdien kan word noodwendig hoër sal wees omdat meer sakke mielies gouer geberg word. Dit verskaf ook tevredenheid aan die lede omdat hulle die graan spoediger kan inlewer en dan hoef hulle nie so lank te wag om aan die beurt te kom om 'n vrag af te laai nie.

e. Graansuiers.

Die ontvangs van mielies vanaf die produsent by graansuiers hoef hier slegs gemeld te word. Aangesien die graansuiers aan die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens behoort, word die graan deur hulle ontvang en geberg en alhoewel dit 'n lid mag wees wat die mielies gelewer het, word die vergoeding vir opberging aan die Spoorwegadministrasie betaal. Die graansuiers is opgerig om koöperasies tot hulp te kom om bergfasiliteite te verskaf en versending te vergemaklik. Dit het egter tot gevolg dat inkomste wat verdien kan word deur die hantering en berg van die graan nou nie verdien kan word nie en die inkomste wat deur die koöperasie verdien kan word dus verminder.

f. Samevatting.

Die taak van die koöperasie is om doeltreffende en goed-

/toegeruste...

toegeruste depots daar te stel, beman met bekwame, doeltreffende, lojale en eerlike personeel. Ontvangs van mielies moet so vinnig en korrek moontlik geskied wat tevredenheid aan lede sal verskaf en die geleentheid bied om die grootste moontlike inkomste te verdien. Daar moet ook gestreef word om die graan so goed moontlik te beskerm en tekorte tot 'n minimum te beperk. Korrekte ontvangs van mielies is van die uiterste belang omdat foute by ontvangs verreikende gevolge kan hê veral wat tekorte betref. Alhoewel kapitaaltekort by koöperasie 'n algemene verskynsel is, moet van die kapitaal beskikbaar, die beste gebruik gemaak word deur te verhoed dat te veel depots opgerig word en te veel aan meganisasie bestee word. Behoorlike studie van koste moet gemaak word aler tot die oprigting van 'n verdere depot oorgegaan word. Van uiterste belang is kostebeheer en die daarstelling van standarde waarteen doeltreffendheid gemeet kan word. Kosteverskille kan dan bepaal, ontleed en beheer word.

4. Faktore by die opberging van die mielies.

a. Inleiding.

Tot dusver is hoofsaaklik ingegaan op die faktore wat die stapeling van die mielies voorafgaan en die opberging daarvan in die stapels van verskillende klasse in grade. Alle pogings moet nou aangewend word om die graan so goed moontlik te bewaar asook die sakke waarin die graan verpak is totdat dit op instruksies van die Mielieraad aan die kopers gelewer is. Aangesien die mielies soms lank in die stapels moet lê voordat dit aan die kopers gelewer word, moet dit te alle tye so goed moontlik bewaar word teen alle skades wat kan gely word, omdat die agent verantwoordelik is vir enige verlies in gewig en graad of skade aan die houer waarin dit verpak is. Beskadiging wat kan plaasvind en die bekamping daarvan word hieronder bespreek.

b. Bewaring teen insekte en knaagdiere.

Enkele jare gelede was die bestryding van insekte en knaagdiere

/een.....

een van die moeilikste probleme waarmee koöperasies te kampe gehad het, veral die bestryding van die kalanderplaag. Die insek deurboor die mieliepit en word gewoonlik in groot getalle aangesetref in die graan. Die skade wat hierdie insek aanrig en hulle teenwoordigheid in die graan, maak die mielies ongeskik vir menslike gebruik. Die Mielieraad waarsku dan ook agente om geen graan wat kalander besmet is, aan meulenaars te lewer nie. Die skade veroorsaak deur kalander, is hoofsaaklik verlies in graad en in die gewig van die graan. Indien hierdie insek nie bestry word nie, kan dit gevoelige verliese veroorsaak en die koöperasie is dus genoop om doeltreffende bestrydingsmiddels aan te wend. Die bestryding van die insek, sal saam met die bestryding van knaagdiere bespreek word.

Die skade wat aangerig word deur knaagdiere, is hoofsaaklik aan die sak waarin die mielies verpak word deurdat dit stukkend gevreet word. Dit bring ook 'n gevolglike verlies mee, naamlik dat die mielies uit die sak loop en koste aangegaan moet word in die vorm van lone wat aan arbeiders betaal word wat soms spesiaal gehuur moet word om die graan op te tel en weer in sakke te gooi. Waar die mielies buite gestapel word en dit op die grond lê, moet dit gesif en uitgewaai word om dit skoon en bruikbaar te kry. Verdere koste moet dan aangegaan word om sakke wat deur die knaagdiere beskadig is, heel te maak of selfs geheel en al te vervang. In laasgenoemde geval, is die koste baie hoog, as in ag geneem word dat 'n nuwe sak ongeveer twee sjielings kos.

Eiflokaas was 'n redelike bestrydingsmiddel in die verlede, en word vandag ook nog gebruik naas die huidige metode van beroking. Die doeltreffendste bestryding en beheer van die twee gemelde plae, insekte en knaagdiere, is beroking met metiel-bromide. Soos reeds aangehaal by die ontvangs van mielies, word die mielies in sogenaamde berokingstapels verpak om die taak van beroking te vergemaklik. Wanneer die mielies berook moet word, word as volg te werk gegaan: die besondere stapel wat berook /moet.....

moet word, word opgemeet en 'n skatting gemaak van die aantal sakke in die stapel. Daarna word die stapel bedek met 'n nylonseil, so dig moontlik. Hierna word 'n bepaalde hoeveelheid metiel-bromide, gemeet in gewig, bo-op die stapel onder die seil ingelaat, van 1 - 3 lb per 1000 kub. vt. Die gifgas is swaar en sak af deur die sakke en graan tot in die grond. Die gas dood alle insekte en knaagdiere in die graan en knaagdiere in en onder die stapel. Die stapel word dan so bedek, met die gas onder die seil, vir plus-minus vier-en-twintig uur so gelaat en nadat die bedekking verwyder is vir nog 6 - 24 uur om die gas geheel en al te laat ontsnap. Die koste verbonde aan beroking is om verskeie redes baie hoog. Die gas is baie duur en moet ingevoer word in spesiale houers, so ook die nylonseile wat gebruik word. Vanweë die feit dat dié seile baie gebruik word en altyd oor die stapels getrek moet word en weer afgehaal word, hou dit selde langer as twaalf maande. Spesiale personeel moet aangestel word, wat uitsluitlik hierdie werk doen en hulle moet ook spesiaal toegerus word met toerusting wat slegs vir hierdie doel gebruik kan word. Reiskoste is 'n ander hoë kosteitem. Omdat depots oor so 'n groot area geleë is, moet die personeel toerusting en gas met vragmotors van een depot na die ander verwoer word. As in ag geneem word dat die Mielieraad 'n vergoeding van twee-en-'n-half pennie per sak betaal vir beroking en dit net die koste dek van wat die beroking Sentraal-Wes kos, kan 'n idee gevorm word hoe hoog die koste daaraan verbonde is.

Die belangrikheid van beroking van die mielies, het so toegeneem dat die Mielieraad in die ooreenkoms met die agent, regulasies neergelê het wat bepaal dat die mielies op versoek van die Raad berook moet word indien enige besmetting met insekte bespeur word (klousule 7 (b)).

'n Spesiale vergoeding, hierbo aangehaal, word aan die koöperasie betaal vir mielies berook. Waar die koste verbonde aan beroking so hoog is en bepaal kan word, kan aan die anderkant die
/voordeel.....

voordeel wat behaal word, nie bepaal word nie. Die voordele wat behaal word, is voor die hand liggend naamlik, die behoud van die graad van die mielies en ook die sak waarin dit verpak is.

c. Bewaring teen natuurkragte.

Blootstelling van die mielies aan natuurkragte, kan die grootste skade veroorsaak. Die bewaring teen hierdie skades, is die vernaamste rede waarom skure gebou word waarin die mielies geberg kan word.

Die natuurkragte wat die grootste skade kan veroorsaak, is reën en sonlig. Indien stapels nie goed bedek is nie en die mielies nat reën, veroorsaak dit geweldige skade deurdat die graan verrot en geheel en al onbruikbaar word. Die skade kan ook gedeeltelik wees deurdat die mielies die graad waarvoor dit ingeneem is, verloor, Sonlig rig weer die meeste skade aan die sak waarin die mielies verpak is. Deur gedurige blootstelling word die sak so swak, gewoonlik did aan die kante en bo-op die stapels, dat dit nie eers herstel kan word nie. Die mielies moet dan in 'n ander sak van goeie gehalte gegooi word, omdat mielies aan die koper ook in nuwe of graad eensakke gelewer moet word.

Hoe hoog die koste van sakke is deur beskadiging deur die oorsake hier genoem, blyk uit die onderstaande tabel.

Tabel 6.

Koste van sakke by die hantering van mielies.

Seisoen.	Koste	Sakke Hanteer	Koste per sak		Styging t.o.v. voorgaande seisoen	
			Pennies	%		%
	£	000				
1954/55	8,065	7,904	.2448	13.8	.	.
55/56	14,211	7,199	.4757	26.9	.2309	13.1
56/57	14,041	7,072	.4765	27.0	.0008	.1
57/58	23,072	9,566	.5788	32.3	.1023	5.3
Totaal	£59,389	31,741		100.		
Gemiddeld			.4439 pennies per sak.			

/Uit.....

Uit bostaande tabel is dit duidelik dat die koste van swak en gebreekte sakke aanhoudend styg en bykans verdubbel het vir die seisoen 1955/56 in vergelyking met die voorgaande en die seisoen 1957/58 bykans een-en-'n-half keer die koste per sak in vergelyking met die seisoen 1954/55.

Die bewering wat in die inleiding van hoofstuk drie gemaak is, naamlik dat koste nie beheer word en geen kosteverskille bepaal word om die koste te beheer nie, is heeltemal gegrond as bostaande feite in ag geneem word.

As bostaande koste in verband gebring word met die gemiddelde tydperke wat die mielies geberg was, dan word dit nog duidelik dat die styging in die koste per sak hanteer, ongeregverdig was. Dit is logies dat indien die mielies langer geberg word, die koste van swak en gebreekte sakke noodwendig hoër sal wees as gevolg van skades aangerig deur blootstelling en ander skades.

Omdat opbergingsvergoeding betaal word volgens die tydperk wat mielies geberg word, kom mens tot die gevolgtrekking dat vir die 1954/55- seisoen, die mielies die langste geberg was en nogtans die laagste koste per sak vir swak en gebreekte sakke gehad het, soos uit die onderstaande tabel gesien kan word.

Tabel 7.

Gemiddelde opbergingstydperke vir sekere seisoene.	
Seisoen	Tydperk.
	Maande.
1954/55	6.4
1955/56	3.56
1956/57	4.29
1957/58	4.62

As verder in ag geneem word dat gedurig meer skure aangebou word, en meer sakke in skure gepak word en die koste van swak en gebreekte sakke eintlik laer moet wees, is die styging van

/hierdie....

hierdie koste per sak ontvang, verontrustend. Positiewe stappe sal gedoen moet word om hierdie koste te beheer.

Die rede hiervoor moet gesoek word by die ontvangs van die mielies. By die bestudering van die ontvangs van mielies by een depot van 'n koöperasie, is opgemerk dat slegs die inhoud gegradeer word, maar nie die sakke waarin die mielies verpak is nie. Noukeuriger aandag sal dus geskenk moet word aan die gehalte van die sak waarin die mielies by die koöperasie gelewer word sodat die produsent belas moet word met die verskil in koste van die gehalte sak waarin graan gelewer is en die vereis, indien die gehalte van die sak nie voldoen aan die gehalte wat deur die Mielieraad neergelê is in die ooreenkoms van agentskap met die koöperasie nie. Die koste van swak en gebreekte sakke bied dus volle geleentheid aan die koöperasie om dit te beheer, tewens dit word vereis.

d. 'n Vergelyking van die koste om mielies in 'n skuur en om dit onder seile op te berg.

In voorgaande hoofstukke is reeds aangedui dat die koöperasie vanweë kapitaaltekort, die aantal depots en die verspreidheid daarvan, nie genoeg skure kan bou waarin die mielies gestapel kan word nie. Ook sou dit in grensgevallen nie die koste loon om 'n skuur te bou wat slegs vir 'n kort tydperk gebruik kan word om mielies in te stapel nie. Die tydperk wat mielies wel in 'n skuur sal lê, is buite die beheer van die koöperasie. Op instruksie van die Mielieraad, moet sekere hoeveelhede mielies van 'n bepaalde graad binne 'n sekere tyd aan 'n koper gelewer word, vanaf 'n sekere depot. Die koöperasie is dus hier onderhewig aan die besluit van die Mielieraad (klousule 33 (c)).

Die aantal sakke mielies wat die koöperasie by 'n sekere depot sal ontvang, hang ook af van toestande en omstandighede buite die beheer van die koöperasie, soos in Hoofstuk 2 aangetoon. Voorsiening word by elke depot gemaak om 'n sekere hoeveelheid mielies in skure te pak, wat in elke geval minder is as die gemiddelde aantal sakke wat daar ontvang word.

/Vanweë.

Vanweë die skades aan die graan en die sak waarin dit verpak is, soos in hierdie hoofstuk aangedui, moet die koöperasie die mielies so goed moontlik teen hierdie skades bewaar. Waar die mielies dan nie in 'n skuur gepak kan word nie, moet alles in werking gestel word om dit so goed moontlik te bewaar.

Dit is die beleid van die koöperasie om mielies wat nie in skure gepak is nie, met seile te bedek. Dit bied hoofsaaklik beskerming teen sonlig en reën, maar is in geen geval so doeltreffend as 'n skuur nie. Die koste van bedekking met seile, is relatief baie hoër as in die geval waar 'n skuur vir dieselfde som geld gebou sou word as wat aan seile bestee is.

Die rede waarom seile gebruik word, is soos reeds aangedui, as gevolg van die tekort aan voldoende kapitaal. Met dieselfde som geld bestee aan seile, kan, in 'n besondere jaar, meer sakke mielies bedek word as wanneer dieselfde geld aan skure bestee sou word. 'n Ander rede, wat belangrik is, is dat seile maklik van een depot na die ander vervoer kan word waar dit benodig word. Dit geld veral in gevalle waar daar in sekere distrikte 'n groter oes verwag word en in ander distrikte weer 'n mislukking kan wees, wat dikwels gebeur. Die seile kan dan maklik en gou versprei word na die depots waar dit benodig word. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat seile altyd gebruik sal word, al is die koöperasie in staat om genoeg skure te bou om in die behoeftes te voorsien vanweë die feite hier aangestip.

Die koste om mielies met seile te bedek, is egter baie hoër as waar die geld wat in seile belê is, gebruik so gewees het om 'n skuur te bou. Die gebruik van seile is slegs 'n tydelike maatreël en die koste daarvan baie hoog. Die doel is nou om op hierdie koste in te gaan en te vergelyk en daaruit 'n gevolgtrekking te maak wat kan dien as 'n basis waarop

/gewerk.....

By die bestudering van 'n mieliehandelsrekening, vind ons 'n kosteitem, wat regstreekse koste genoem word. Hierdie kosteitem is hoofsaaklik koste verbonde aan die vervoer van die mielies vanaf die depot na die spoorwegstasie of halte. Vervoer word gedoen, in die geval van Sentraal-Wes, deur private kontrakteurs en deur die maatskappy self. Die maatskappy se eie vervoer word gedoen deur vragmotors en trekkers met sleepwaens. Die koste van vervoer word bereken deur 'n voorafbepaalde tarief per myl vir elke tipe vragmotor en trekker en sleepwaens. Vir dieselvragmotors, petrolvragmotors, dieseltrekkers, en paraffientrekkers word elk 'n tarief bepaal en teen daardie tarief word regstreekse koste gedebiteer vir elke myl afgelê wanneer mielies vervoer word. Alle werklike koste word dan deur die loop van die jaar na 'n vervoerkostenrekening vir elke tipe voertuig, soos gaangedui, gedebiteer en gekrediteer met die tarief per myl vir vervoer gedoen.

Teen hierdie vervoerkosterekenings vir elke tipe voertuig, word ook die waardevermindering van die voertuie gedebiteer. (Waardevermindering word op die "straight line method" bereken). Elke rekening word aan die einde van die jaar afgesluit en die balans op die rekening word teruggeallokeer na die rekening wat gedebiteer is. In die lig van die gegewens so verkry, word al die tariewe hersien en waar nodig verander om in ooreenstemming te wees met die jongste beskikbare gegewens.

Reeds is aangehaal dat die sogenaamde regstreekse koste wat op die mieliehandelsrekening verskyn, hoofsaaklik bestaan uit die vervoerkoste van die depot na die spoorwegstasie of halte.

Ten einde 'n basis van vergelyking te kry, word in die onderstaande tabel die koste in pennies per sak vir vier verskillende seisoen aangegee.

.....
/Tabel.....

/
.....

gewerk kan word as besluit moet word tussen die aanbou van 'n skuur en die aankoop van seile.

(1) Bepaling van die koste per sak per jaar waar die mielies in 'n skuur gepak word.

By die bepaling van wat dit sal kos om 'n sak mielies in 'n skuur te hou vir 'n jaar, sal in sekere gevalle die koste van sekere items op 'n aanname baseer word, wat gebaseer is op die werklike koste van die items in praktyk. Die syfers sal dus nie absoluut korrek wees nie maar bied tog 'n uitgangspunt waarop gebou kan word ten einde 'n „koste" te bepaal wat as 'n handleiding kan dien.

Volgens huidige gegewens kan aangeneem word dat dit plus-minus £5100 kos om 'n skuur te bou waarin 38,000 sakke mielies geskuur kan word. Waardevermindering op die gebou word bereken teen $2\frac{1}{2}\%$ per jaar op die kapitaal koste van die gebou. Assuransie teen brand en ander gevare kos die koöperasie 75% van $3/4\%$ van die koste van die skuur per jaar. Verder moet ook voorsiening gemaak word vir rente op kapitaal aangesien die kapitaal van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika verkry word by wyse van 'n vaste lening. Normaalweg, beloop die rente 5% per jaar op die lening, daarom sal rente op kapitaal bereken word teen 5% per jaar op die kapitaal koste van die skuur.

Die totale koste per jaar van 'n skuur soos gemeld, kan dus as volg bereken word:

Waardevermindering @ $2\frac{1}{2}\%$ per jaar	£127.10. 0
Onderhoudskoste @ $2\frac{1}{2}\%$ per jaar	£127.10. 0
Assuransie @ 75% van $3/4\%$ per jaar	8. 1. 6
Rente op kapitaal @ 5% per jaar	<u>£255. 0. 0</u>
	<u>£518. 1. 6</u>

Die totale koste om 38,000 sakke in 'n skuur te pak en te hou vir 'n jaar, is dus £518. 1. 6 wat uitwerk op 3.272 pennies

/per sak....

per sak per jaar.

Geen regstelling word gemaak vir 'n tydperk wat die skuur kan leeg staan aangesien dit 'n vaste koste per jaar is en nie beïnvloed word deur die benutting van die beskikbare ruimte vir die volle tydperk, of slegs 'n gedeelte van die jaar nie.

(2) Bepaling van die koste per sak per jaar waar die mielies buite geberg word en met seile bedek word.

Waar daar by 'n betrokke depot nie genoeg ruimte in skure is waarin die mielies geskuur kan word nie, moet dit buite gepak word in stapels van verskeie klasse en grade. Ook hierdie graan moet so doeltreffend moontlik beskerm word teen sonlig en veral reën aangesien laasgenoemde die grootste skade aan die mielies wat buite gestapel is, kan veroorsaak. Al doeltreffende metode, wat neerkom op 'n korttermynbeleid, is om die stapels met seile toe te maak. Wanneer daar lewerings-instrukties van die Mielieraad ontvang word, word gepoog om mielies wat buite gestapel is, eerste te versend om die seile van die stapels af te kry aangesien reën en wind die seil ook beskadig. Om van seile gebruik te maak, bied slegs tydelike verligting aan omdat die lewensduur van 'n seil so kort is en geduring vervang moet word. As gevolg van hierdie redes is die koste per sak per jaar heelwat hoër as in die geval waar die mielies in skure gehou word.

Die koste per sak per jaar kan op die volgende wyse bepaal word, waar seile gebruik word:-

Koste van een seil is plus-minus	£40.15. 0
Die normale lewensduur	3 jaar
Rente op kapitaal	6½% p.j. vir 7 mde

Hier word ook rente op kapitaal bereken omdat Sentraal-Wes vir ongeveer sewe maande van elke jaar op 'n oortrokke bankbalans fungeer.

/Die....

Die aantal sakke wat met so 'n seil toegemaak kan word is, ongeveer vierhonderd vyf-ensewentig sakke.

Die koste per jaar is dus:

Waardevermindering	£13.583
Rente	<u>.515</u>
Totale koste per jaar	<u>£14.098</u>

Die koste per jaar kom dus neer op 7.123 pennies per sak. Daar moet nog by die bostaande koste, die koste van stormlyn getel word, wat gebruik word om die seile aan die stapels vas te maak. Die lewensduur van stormlyn is twee jaar en kos een sjieling en ses pennies per pond. Na skatting kan met 50 lb. stormlyn soveel seile vasgemaak word wat 3000 sakke sal toemaak.

Die koste van stormlyn kan dan as volg bereken word:

Koste van stormlyn (50 lb. @ 1/6)	£3.75
Lewensduur	2 jaar
Koste per jaar	£1.875
Rente op kapitaal @ $6\frac{1}{2}\%$	<u>£ .071</u>
Totale koste per jaar	<u>£1.946</u>

Ook hier word rente op kapitaal bereken op dieselfde basis en om dieselfde redes as in die geval van die berekening van die koste van seile.

As dit £1.946 per jaar vir stormlyn kos wat op 3000 sakke gebruik word, werk die koste op .156 pennies per sak per jaar uit.

Die totale koste per sak per jaar wat buite gestapel word, kan dus bereken word op 7.279 pennies (7.123 pennies vir die seil en .156 pennies vir stormlyn.)

Vergelyk hiermee die koste van 3.272 pennies per sak per jaar waar die mielies in 'n skuur gehou is. Die kosteverskil is 4.07 pennies per sak per jaar, wat meer as dubbeld soveel is as die koste in die geval van 'n skuur.

Die strewe van die koöperasie moet dus wees om soveel moontlik

/skure....

skure te bou in plaas van om van seile gebruik te maak, in-
soverre beskikbare kapitaal dit toelaat. Die redes waarom
seile gekoop word, is reeds aangedui, naamlik die mobiliteit
daarvan en dat in 'n besondere jaar meer sakke mielies, met
dieselfde kapitaalbesteding, met seile toegemaak kan word. As
met een seil wat £40.15.0 kos 475 sakke toegemaak kan word, sal
slegs 80 seile nodig wees om dieselfde aantal sakke, naamlik
38,000 toe te maak en sal die seile £3260 kos in vergelyking
met £5100 wat 'n skuur sou kos, 'n verskil van £1740, wat 'n
groot verskil is veral waar koöperasie met 'n kapitaaltkort
te kampe het.

Die grafiek in bylae 3, gee 'n vergelyking van die koste van
mielies wat in 'n skuur verpak is en die koste van buite-
stapeling. Die grafiek gee die volgende kosteverhouding aan:

- (a) Alles buite - d.w.s. onder seile;
- (b) Een skuur - res onder seile;
- (c) Twee skure - res onder seile;
- (d) Drie skure - res onder seile;
- (e) Vier skure - res onder seile;
- (f) Vyf skure - res onder seile.

In alle gevalle word die kapasiteit van 'n skuur bereken op
38,000 sakke mielies.

Die stippellyn dui die koste aan waar die graan onder seile
gestapel word en die vaste lyn die koste in skure. Omdat die
koste per sak dieselfde bly, is die lyne van die grafiek almal
reguit.

Van die grafiek kan dus afgelees word wat dit byvoorbeeld sal
kos om 100,000 sakke vir 'n jaar te stapel by 'n depot waar
daar twee skure is. Volgens die grafiek sal die koste ongeveer
£1625 per jaar beloop wat as volg saangestel is: Koste om in
die twee skure te stapel plus-minus £1000 vir 76,000 sakke en
£625 die koste van seile om 24,000 sakke onder te stapel.

/Op.....

Op dieselfde wyse kan die koste vir verskillende hoeveelhede wat by 'n besondere depot gestapel word, afgelees word. Van die grafiek is dit verder ook duidelik dat al word skure nie tot die volle kapasiteit (natuurlik ook met 'n beperking) benut nie, die koste nog laer is as waar 'n gedeelte in skure en 'n gedeelte onder seile gestapel word. Ons neem hier weer dieselfde geval reeds aangehaal, naamlik 100,000 sakke, maar in hierdie geval, 'n depot waar daar drie skure is, en die kapasiteit dus 114,000 sakke. Die koste sal dan plus-minus £1500 per jaar beloop in teenstelling met £1625 in die geval waar daar slegs twee skure was en die res onder seile gestapel is. Daar is dus 'n besparing van £125 bo en behalwe die onbenutte ruimte van 14,000 sakke.

Vir Sentraal-Wes sal dit dus moontlik wees om hierdie koste-item vir elke depot van die grafiek af te lees, en die koöperasie in staat te stel om 'n begroting van hierdie koste te maak deur slegs die totaal van die afgeleese koste te verkry. Verder leen dit homself tot kostebeheer insoverre dit hierdie koste-item aangaan.

Dit blyk hieruit net so duidelik soos reeds aangetoon, dat die koste om mielies onder seile te stapel baie hoër is as om dit in skure te stapel.

e. Samevatting.

Wanneer die mielies ontvang is en in die stapels lê tot tyd en wyl dit verspoor moet word, is die bewaring van die inhoud sowel as die houer dus van groot belang. Uit die bespreking kan gesien word wat die koste verbonde aan die werklike skuur van die mielies is en wat die aard van die koste is.

Skuur van mielies in skure en die stapeling onder seile is vergelyk vanuit die koste-oogpunt waaruit die gevolgtrekking gemaak is dat die koste verbonde aan stapeling onder seile heelwat hoër is as in die geval waar van skure gebruik gemaak

/word.....

word. Seile word tog op groot skaal gebruik as bewaringsmiddel om die verskeie redes genoem.

Ten slotte is bywyse van 'n grafiek 'n vergelyking getref tussen die koste van die twee maniere waarop die mielies geskuur kan word wat as 'n goeie handleiding gebruik kan word vir begroting van die koste van hierdie item vir elke depot en in totaal. Die gebruik daarvan kan ook uitgebrei word om koste te beheer, wat werklik 'n tekortkoming is by koöperasies.

5. Faktore by die versporing of die versending van die mielies.

a. Inleiding:

Die laaste stap in verband met die opberging van mielies is die versporing of versending daarvan na die aangewese koper op instruksies van die Mielieraad. Na die versending van die mielies, het die koöperasie nou al die funksies vervul wat dit moet uitvoer soos in die agentskapsoreenkoms neergeleê is. Nou moet die Mielieraad die koöperasie betaal vir die mielies gelewer teen die pryse vir die grade soos in die agentskapsoreenkoms neergeleê is, asook al die vergoedings wat betaal moet word. Die vergoeding wat aan die koöperasie as agent betaal word, word gebaseer op 'n gewigsak-mielies, met ander woorde, per eenheid van 200 lbs.. Hierdie vergoeding sluit hoofsaaklik hanteringsvergoeding en opbergingsvergoeding in. Daar word nog soms 'n spesiale vergoeding betaal vir buitestapeling, maar dit is nie ingevolge die ooreenkoms nie.

Die laaste funksie, naamlik die versporing, sluit die hantering in van die mielies vanaf die stapel en die laai in die spoorwegtrok.

b. Hantering:

(1) Inleiding:

By die ontvangs van die mielies word dit slegs vanaf die voertuig van die produsent, waarmee die mielies gelewer word, gehanteer en slegs eenkeer. Die arbeider neem dit vanaf die voertuig of sakhyser en dra dit tot by die plek op die
/stapel,...

stapel waar dit gepak met word en plaas dit daar in posisie. Dit bring mee dat 'n groot aantal sakke per dag in ontvangs geneem kan word.

By die versporing of versending van die mielies, word elke sak minstens twee keer hanteer en in sommige gevalle tot drie en soms vier keer. By die verskillende depots kan hantering op die volgende wyse geskied:-

(2) Direk vanaf die stapel in die spoorwegtrok.

Hantering op hierdie wyse kan slegs geskied waar die besondere depot oor 'n spoorwegslyn beskik. Die sylyn word so gebou dat dit langs die skure en stapels verbyloop sodat die trok langs enige stapel of skuur gestoor kan word waarvandaan mielies verspoor moet word.

Die metode wat gevolg word kan as volg beskryf word:-

Volgens die instruksies van die Mielieraad, moet 'n sekere aantal sakke van 'n besondere graad aan 'n aangewese koper verspoor word.

Die trok word dan tot langs die stapel gestoor waar die besondere graad mielies verpak is.

Die magasynmeester gradeer elke sak, daarna word dit deur vier arbeiders opgetel en 'n ander arbeider neem die sak, dra dit oor 'n loopplank tot in die trok waar dit geweeg word op 'n skaal, gewoonlik meer as een sak tegelyk, volgens die maksimum kapasiteit van die skaal. Die gewig word aangeteken op 'n gewigsbriefie en daarna word die sakke van die skaal afgeneem en gepak in die trok. 'n Trokkaartjie word dan uitgemaak wat die laaiplan aandui, en die vragbrief in vyfvoud voltooi. Die vragbrief is 'n spesiale voorgeskrewe vorm, wat die M.A.5 genoem word. Op hierdie vorm verskyn die volgende besonderhede:-

3. Besonderhede wat deur die agent verskaf moet word op die M.A.5 vorm.

(a) Depot....

- (a) Depot vanwaar die mielies verspoor word.
- (b) Naam en adres van die agent (gewoonlik 'n koöperasie).
- (c) Naam en adres van die koper.
- (d) Bestemming per spoor of per padmotordiens.
- (e) Graad, aantal sakke en die netto gewig van die mielies.
- (f) Troknommer.
- (g) Datum verspoor.

(4) Besonderhede wat deur koper op ontvangs verstrek moet word.

- (a) Datum van die ontvangs van die mielies.
- (b) Gewig van elke graad ontvang.
- (c) Eise vir:
 - (i) Kortgewig ontvang
 - (ii) Sakke wat nie aan die neergelegde grade voldoen nie
 - (iii) Verkwiste spoorvrag.
 - (iv) Koste van telegramme aan die Mielieraad en die agent om albei binne die voorgeskrewe tyd, op die M.A.5 aangedui, in kennis te stel van kortgewigte op die besending.
- (d) Of trokkaartjies gebruik is.

Op die keersy verskyn instruksies aan die agent wat moet nagekom word by die versending van die graan en ook instruksies aan die koper wat nagekom moet word by die ontvangs van die mielies.

Soos reeds aangehaal, word die vorm in vyfvoud voltooi.

Een afskrif word deur die agent gehou, een word aan die Mielieraad gestuur, en drie na die koper. By ontvangs van die mielies moet die koper op die deel van die vorm wat op hom betrekking het, die besonderhede op aldie vorms invul soos hierbo aangedui.

Een van die vorms hou die koper vir sy eie verslae, een word na die agent gestuur wat die mielies versend het en die ander een word aan die Mielieraad gestuur. Op ontvangs van die voltooide M.A.5 vorm deur die Mielieraad, word 'n kredietnota uitgemaak vir die volle gewig en graad soos verspoor. Die kredietnotas word dan op 'n sogenaamde trokblad opgesom, wat die volgende

/gegewens.....

gegewens bevat:

- (5) Besonderhede van die kredietnotas.
 - (a) Naam van koper.
 - (b) Depot vanwaar die mielies verspoor is
 - (c) Naam van agent.
 - (d) Instruksienommer.
 - (e) Troknommer.
 - (f) M.A. 5-nommer.
 - (g) Gewig en graad van die mielies.
 - (h) Prys van die mielies per sak.
 - (i) Opbrengs van die mielies. (Prys vermenigvuldig met die aantal gewig sakke).
 - (j) Hanteringsvergoeding .

Vanaf hierdie trokblad word 'n oorbetalingsadvies uitgemaak waarop die volgende uiteengesit is:

- (6) Besonderhede van die oorbetalingsadvies.
 - (a) Naam en adres van die agent.
 - (b) Totale gewig mielies ten opsigte waarvan die oorbetaling gemaak word.
 - (c) Die totale opbrengs daarvan.
 - (d) Hanteringsvergoeding wat verdien is.
 - (e) Vergoeding wat betaal word vir beroking.
 - (f) Aftrekkings vir:
 - a. Swak en stukkende sakke.
 - b. Voorskotte gemaak op hantering.
 - (g) Die totale bedrag wat aan die Land- en Landboubank oorbetaal is, van wie 'n lening verkry is om die produsente deur wie die mielies gelewer is, te betaal.
 - (h) Die nommers van die trokblaaie ten opsigte waarvan die oorbetaling gemaak is.
- (7) Vervoer van die mielies na die trek:
 - (1) Waar die depot oor 'n weegbrug beskik.

Die grootste aantal depots van Sentraal-Wes beskik nie oor

/sylyne

sylyne nie en dit bemoeilik die taak van die versending van die mielies en veroorsaak dat die sakke meer as twee keer hanteer moet word.

Die mielies moet van die stapel afgehaal word, op die vragmotor of sleepwa gelaai word, oor die weegbrug geweeg word en na die trok vervoer word. Daar moet dit weer afgelaai word van die vragmotor of sleepwa af en in die trok gepak word. Een sak word hier dan vyf keer hanteer. Eerstens moet die magasynmeester elke sak gradeer, tweedens deur vir arbeiders wat dit op die stapel moet optel, dan deur die arbeider wat dit moet dra tot op die voertuig. Van die voertuig af moet dit weer afgelaai word, 'n arbeider moet dit dra en in die trok pak.

(2) Waar die depot nie oor 'n weegbrug beskik nie:

Die hantering geskied in hierdie geval op dieselfde wyse as hierbo beskryf, behalwe dat die mielies nie oor 'n weegbrug geweeg word nie. Dit bring meet dat elke sak twee keer meer hanteer word deurdat dit van die skaal af opgetel moet word sodat 'n arbeider dit kan neem en eersgenoemde dit dan op die voertuig pak of in die trok, na gelang van waar die sakke mielies geweeg word, dit wil sê, voordat dit op die voertuig gepak word vir vervoer, of voordat dit in die spoorwegtrok gepak word.

(3) Padmotordiensdepots:

Hier is die hantering die minste, naamlik slegs drie keer, te wete: gradering, afhaal van die stapel en dra tot op die vragmotor of sleepwa.

(4) Die invloed van die verskeie wyses van hantering op koste:

Dat koste hoër sal wees hoe meer keer elke sak hanteer word, is logies. Ock is dit tydrowend en vereis dat meer arbeiders in diens geneem moet word en lone dus hoër is. Die koste van vervoer van die mielies vanaf die stapel of skuur, moet hier meer spesifiek behandel word.

/By.....

Diverse regstreekse kostevergelyking.

Seisoen	000 Sakke	Koste £	Koste per sak pennies.
1954/55	7,904	53,996	1.6395
1955/56	7,199	45,400	1.5133
1956/57	7,072	55,067	1.8688
1957/58	9,566	66,346	1.6641
		gemiddeld	1.6719

Uit die bostaande tabel is die afwykings in koste per sak gering. By nadere otleding, wil dit voorkom asof daar 'n verwarring tussen die 1955/56-en die 1956/57-seisoen se koste gekom het, wat baie moontlik is, aangesien vir maande twee seisoene se mielies tegelyk hanteer word en verwarring dus baie moontlik is. As 'n gemiddelde vir dié twee seisoen bepaal word, is die koste 1.641 pennies per sak wat baie naby aan die koste vir die ander twee seisoen is. Nieteenstaande die feit dat die verskil in koste van seisoen tot seisoen gering is, is daar tog 'n geleidelike styging in die koste per sak. Vanaf die 1954/55-seisoen tot die 1957/58-seisoen het die koste per sak met .0246 pennies per sak gestyg of 1.5% met 1954/55 as basis. Die styging is gering, maar omdat geen koste verslae gehou word nie, is dit moeilik om die kosteverskil te verklaar.

6. Invlced van versending op die vergoeding:

a. Inleiding.

Reeds is aangehaal dat mielies slegs verspoor kan word op instruksies van die Mielieraad. Die instruksies bevat onder andere verskeie besonderhede soos die nommer van die instruksie, aan wie die mielies versend of verspoor moet word, kortliks genoem die koper, sy adres, aantal sakke, graad wat verspoor of versend moet word en van watter depot die mielies van verspoor moet word.

Leweringinstruksies word ook aangegee, soos wanneer en in welke hoeveelhede die mielies verspoor moet word in gevalle waar dit nie in een besending verspoor kan word nie.

/Word....

Word die instruksies nie uitgevoer nie, word die agent beboet in die vorm van terughouding van vergoeding en in sommige gevalle direk deur 'n sekere bedrag per sak soos hieronder uiteengesit. Hierdie sogenaamde boetes teen vergoeding, wat hier aangestip word, is dié wat geld vir die 1957/58-seisoen.

b. Boetes teen vergoeding.

Van 'n sekere bedrag per sak, wat betaalbaar is aan die koöperasie word teruggehou, dus nie betaal nie, in die volgende gevalle:-

- (1) Waar die hoeveelheid wat in die opdrag of instruksie genoem word met meer as 2% oorskry word;
- (2) die voggehalte van die mielies hoër as 14% is;
- (3) waar 'n ander graad as die in die opdrag genoem, verspoor word;
- (4) verspoor of gelewer is van 'n ander plek of na 'n ander plek of geadresseerde in die opdrag genoem, na die gelang van die geval;
- (5) die brutogewig van elke sak mielies deur die Agent gelewer 206 lb. per sak oorskry.

Verder word ook bepaal dat die Raad sodanige mielies, behalwe in die geval in (5) hierbo genoem, terug na die Agent of 'n ander bestemming wat die Raad mag aandui, kan laat versend en alle koste in verband daarmee aangegaan, van die Agent kan verhaal, met dien verstande verder dat die Agent ook verplig sal wees om op versoek van die Raad, 'n bedrag van 2/6 per sak op sodanige mielies van 'n ander graad as die wat in die opdrag genoem is, aan die Raad te betaal benewens enige ander gelde wat ingevolge die ooreenkoms deur die Agent betaalbaar mag wees.

In die volgende twee gevalle word 'n pennie per sak per dag van die Agent gevorder, onderhewig aan 'n maksimum koers per sak gelykstaande aan die hanteringsvergoeding plus opbergingsvergoeding vir die betrokke tydperk:-

- (b) ten opsigte van mielies wat onmiddellik na uitvoering van

/ 'n opdrag.....

'n opdrag gelewer moes gewees het, sodanige hoeveelheid daarvan as wat nie binne 'n tydperk van 21 dae na die datum van uitreiking van die opdrag gelewer of verspoor is nie, geag sal word op die laaste dag van genoemde tydperk of van enige verdere tydperk wat die Raad mag bepaal, gelewer of verspoorte gewees het;

(7) waar die Raad die Agent opgedra het om op 'n bepaalde datum of datums 'n bepaalde hoeveelheid of hoeveelhede mielies aan 'n bepaalde geadresseerde te lewer of te verspoor, ten opsigte van sodanige hoeveelhede mielies as wat die Agent nie binne 10 dae na die datum waarop die totale hoeveelheid in die opdrag genoem, gelewer of verspoor moes gewees het, nie aldus verspoor of gelewer is nie;

met dien verstande verder dat in soverre daar tot bevrediging van die Raad bewys word dat die versuim om die mielies binne die voorgeskrewe tydperk te lewer of te verspoor soos genoem in b. (6) en (7) hierbo, aan omstandighede buite die Agent se beheer te wyte is, die Raad nie enige bedrae uit hoofde van sodanige laat versporings van die Agent sal verhaal nie.

(8) Die Raad kan ook benewens die gelde wat in (1), (2), (3) en (4) genoem, 'n bedrag van 6 pennies per sak van die Agent kan verhaal -

a. op sodanige hoeveelheid mielies as wat die Agent teenstrydig met die opdrag lewer of verspoor en wat deur die geadresseerde afg-keur en herversend word;

b. (dat) ten opsigte van elke sak mielies waarvan die brutogewig deur hom gelewer, 206 lb. oorskry. (klousule 10 van die Agentskap-ooreenkoms vir die 1957/58 seisoen.)

Dat by versporing uiterste sorg aan die dag gelê moet word, is dus gebiedend noodsaeklik vanweë die koste wat dit bo en behalwe die gewone koste kan meebring.

Reeds is in sub-paragraaf 3 c. van hierdie hoofstuk ingegaan op die koste van hierdie boetes wat opgelê word, as basis vir
/personeel.....

personeeldoeltreffendheid. Andermaal moet dit weer beklemtoon word en word hier weer verwys na Tabel 4 wat aandui dat die koste geleidelik gestyg het, naamlik vanaf £154 vir die 1954/55-seisoen tot £1043 vir die 1957/58-seisoen wat op datum van die verkryging van die gegewens, nog nie afgehandel was nie. Daar moet egter op gelet word dat vir die 1954/55-seisoen, die toepassing van hierdie klousules, nog nie so streng was nie. Andersyds is die koste van herversporing nie teen boetes gedebiteer nie, maar teen regstreekse koste van die besondere seisoen. Die syfers aangehaal, is dus nie sriwer boetes nie, maar gee nogtans 'n aanduiding van die omvang van die koste daarvan. Die beheer van hierdie koste is dus noodsaaklik en personeel moet geduring die grootste sorg aan die dag lê om hierdie koste so laag moontlik te hou indien dit glad nie vermy kan word nie.

c. Samevatting.

Hierdie laaste funksie van die hantering van mielies, naamlik die versporing of lewering daarvan, is uiters belangrik, veral met die oog op die koste van versporing en die boetes wat opgelê kan word by foute wat gemaak kan word by versporing of lewering.

Die Raad lê spesifieke klousules neer wat nagekom moet word, soos aangedui, ten einde tydverspilling en koste so ver moontlik uit te skakel, en administrasie te beperk vir die Raad, Agent en koper, ook om enige verwarring te voorkom aangaande opdragte en die verhaal van die gelde wat gehef kan word.

Vir die koöperasie of Agent is dit dus van uiterste belang om hierdie klousule stiptelik na te kom ten einde die koste so laag moontlik te hou wat vermy kan word deur die absolute nakoming van die vereistes deur die Raad neergelê.

/7. Landbankrente:

7. Landbankrente:

Vir Sentraal-Wes, asook vir enige ander koöperasie, is dit onmoontlik om produsente vir nielies gelewer uit eie fondse te betaal. Die Land-en Landboubank verskaf egter krediet-fasiliteite aan koöperasies en finansier die uitbetaling van graan teen die maksimum voorskotpryse per sak van 'n besondere graad soos deur die Beheerraad neergelê.

Die rente wat betaal moet word op die lenings, word bereken teen 'n sekere koers, onderhewig aan die veranderinge van die bankkoers van die Reserwebank. Die metode wat gevolg word om die geld van die Landbank te kry, is om sigwissels op die Landbank te trek. Die bedrag wat getrek kan word, word beperk tot die aantal sakke nielies wat uitbetaal word aan produsente teen die voorskotpryse vir die verskillende grade. Rente word bereken op die daaglikse uitstaande balans van die besondere lening.

Die rente per sak nielies vir elke seisoen, sal afhang van hoe lank die graan dus op voorraad gehou is, soos sal blyk uit die onderstaande tabel.

Tabel 9.

Koste van Landbankrente per sak nielies ontvang.

Seisoen	Sakke Ontvang	Landbank- rente	Per sak	Gemiddelde opbergings Tydperk	Pennies per sak
	000	£	pennies	maande	per maand opgeberg.
1954/55	7,904	422,583	12.8301	6.4	2.004
1955/56	7,199	311,005	10.3682	3.5634	2.909
1956/57	7,072	231,013	7.8397	4.2906	1.827
1957/58	9,566	339,891	8.5274	4.629	1.842
Nota: Vanaf die 1955/56-seisoen is die rentekoers met 15% p.j. verhoog				Gemiddeld	2.1446

Voordat op die bespreking van die bostaande tabel ingegaan word, moet daar eers op gewys word dat die gemiddelde opbergings tydperk 'n berekende syfer is in terme van maande.

/Die.....

Die syfer word as volg bereken:-

- a. Vir die maand waarin die mielies ontvang word, word die aantal sakke wat ontvang is, nie bereken as vir die besondere maand opgeberg nie.
- b. Indien in daardie maand mielies verspoor word, word die aantal sakke van die aantal ontvang, afgetrek en die balans is die openingsvoorraad van die volgende maand vir die berekening van opbergingsvergoeding wat betaal word.
- c. By hierdie aantal sakke word die ontvangste van die volgende maand bygetel.
- d. Om die aantal sakke te kry wat vir 'n maand opgeberg is, word van die aantal in (3), afgetrek die aantal sakke wat in die besondere maand verspoor is en die wat in daardie maand ontvang is.
- e. Die balans is dan die aantal sakke wat kwalifiseer vir opberging - dus geag vir 'n maand opgeberg.
- f. Op die wyse hierbo beskryf word die aantal sakke vir elke maand opgeberg, bereken totdat al die mielies verspoor is.
- g. Die totaal van die maandsyfers word dan opgetel en gedeel deur die aantal sakke wat in die seisoen ontvang is. Hierdie syfer word genoem die gemiddelde opbergingstydperk, in maande uitgedruk.

Uit die tabel kan dus gesien word dat die rente per sak mielies ontvang in verband staan met die gemiddelde opbergings-tydperk. Die koste per sak per maand toon geringe variasies, behalwe in die geval van die 1955/56-seisoen, wat moontlik toegeskryf kan word aan die regstelling wat gemaak is ten opsigte van die $\frac{1}{2}\%$ -verhoging in die rentekoers per jaar.

Die verklaring vir die ander afwykings moet gesoek word in die tydperk van oorvleueling, met ander woorde, waar daar 'n sak mielies vir 'n maand of meer opgeberg was, wat nie vir

/opberging.....

opberging gekwalifiseer het, waarop nogtans rente betaal moes word op die geld wat geleen is, om die geldwaarde daarvan uit te betaal aan die produsent. Dit gebeur so; indien 'n sak mielies op of na die eerste dag van 'n maand ontvang is, kwalifiseer dit nie vir opberging nie. Indien dieselfde sak mielies op die laaste dag van die maand verspoor word of verspoor moes gewees het, in terme van die opdrag van die Raad, kwalifiseer dié sak in daardie maand ook nie vir opberging nie. Dit kan dus gebeur dat 'n sak mielies wat op twee dae na, vir twee maande opgeberg is, geen opbergingsvergoeding kan verdien nie. Die kortste tydperk wat 'n sak mielies dus as 't ware vry opgeberg word is dus 'n maand. Die gemiddelde tydperk van vry opberging is nog nie bereken nie, maar kan op ongeveer 'n maand en 'n-half gestel word. Volgens die berekening in Tabel 9, sal dit dus 3.2169 pennies per sak in Landbankrente alleen kos om dit vir die een-en-'n-half maand teen geen vergoeding op te berg.

8. Ander faktore by die opberging van mielies.

a. Inleiding.

Alle aspekte met betrekking tot die opberging van mielies soos dit voorkom in die mieliehandelsrekening, (sien bylae 7) is nou bespreek. Ook is op die koste van opberging in skure en opberging onder seile ingegaan om 'n koste per sak per jaar te bepaal. Arbeid is slegs behandel in soverre dit die doeltreffendheid daarvan raak en die verpistes wat aan personeel gestel word.

Verskeie ander belangrike aspekte is nog nie bespreek nie omdat die gegewens ten opsigte van die hantering en opberging van mielies nie beskikbaar is nie. Slegs 'n spesiale studie van verskeie van die aangehaalde aspekte hier onder, sal koste van die items kan bepaal in soverre dit mielies aangaan.

b. Salarisse - depotpersoneel.

Hierdie koste-iten is semi-veranderlik omdat skommeling in

/koste.....

koste slegs veroorsaak word deur arbeidsonset en verhogings in jaarlikse salarisse. Die invloed van die aantal sakke mielies wat hanteer sal word, is gering in verhouding met die totale koste van hierdie item omdat nie veel meer personeel aangestel sal word as die aantal sakke wat verwag word gehanteer sal word, meer is as die voorgaande jaar nie. Met 'n sekere aantal personeel kan oor verskeie hoeveelhede mielies doeltreffend hanteer word, en ekstra personeel is nie altyd noodsaaklik nie. Indien hierdie koste dus begroot moet word per sak hanteer, sal die beste kontrole verkry word deur 'n veranderlike begroting op te stel met die aantal sakke wat hanteer sal word as die basis van die begroting.

Aangesien in Sentraal-Wes geen kosteverdeling gemaak word nie, kan dus geen vergelyking van die koste van personeel vir die verskeie seisoene gemaak word nie en dus kan ook nie 'n eenheidskoste bepaal word nie. Slegs deur 'n spesiale studie in die verband kan enige gegewens verkry word in koste per eenheid te bepaal en vergelykings te maak.

c. Lone.

Lone behoort direk te varieer met die aantal sakke hanteer oor 'n aantal jare. Of dit die geval is, kan nie bepaal word nie omdat geen kosteverdeling gemaak word nie, as tussen lone ten opsigte van mielies hanteer en ander graansoorte nie. Ook hier kan geen kostevergelyking getref word nie, of 'n eenheidskoste bepaal word nie tensy die koste verdeel word nie. Indien 'n studie van hierdie koste gemaak word, kan 'n standaardkoste per eenheid bepaal word, wat die bestuur in staat sal stel om kostebeheer toe te pas.

d. Bankkoste en assuransië:

Hierdie twee kosteitems word saam bespreek aangesien die koste individueel, tog nie so belangrik is nie.

Op alle sigwissels wat op die Landbank getrek word, betaal

/Sentraal.....

Sentraal-Wes $1/8\%$ bankkommissie vir koste van die oorpasing van die geld omdat daar geen tak van die Landbank op Klerksdorp is nie. Alle uitbetalings aan produsente geskied op hoofkantoor en teen pari waar en by watter bank die produsent ook sy tjek inbetaal of wissel. Dié kommissie word ook bereken teen $1/8\%$ en die totaal kom dus op 'n $\frac{1}{4}\%$ te staan of $5/-\%$. Mielies word, volgens die beleid van Sentraal-Wes, net teen brand verseker. Die tarief is $3/4\%$ per jaar.

Bankkoste en assuransië kom dus op $100d\%$ te staan, dus op 1.45 pennies per sak hanteer.

'n Sekere aantal sakke mielies word uit die aard van omstandighede vir minder en ander hoeveelhede vir langer as 'n jaar gehou. Dus kan assuransië minder as $3/4\%$ per jaar wees, maar vir die doel van die studie, kan ons aanneem dat dit die koste is.

3. Waardevermindering op toerusting:

Toerusting wat gebruik word om graan mee te hanteer word in die boeke van Sentraal-Wes, slegs met een syfer aangetoon. Dit is moeilik om 'n verdeling te maak van die waardevermindering op toerusting aangesien dit vir al die graan wat hanteer word, gebruik word. Die koste kan egter verdeel word op 'n basis van die aantal sakke van elke graansoort in elke jaar hanteer. Hierdie kosteverdeling word egter nie deur Sentraal-Wes gedoen nie en om 'n koste per sak te bepaal sal vereis dat hierdie koste bestudeer, ontleed en verdeel moet word.

f. Administratiewe onkoste.

Administratiewe onkoste word deur Sentraal-Wes te hoofkantoor gehou vir die graan - handels- en administratiewe afdelings. Graanafdelingonkoste het slegs op die administrasie van die afdeling betrekking en die van die handelsafdeling, die koste daarop. Die koste van die administrasie afdeling sluit die volgende koste in; salarisse, koste verbonde aan bestuur, sekretariele, uitbetaling van graan, lederekenings, interne ouditeure, ensovoorts.

/Ook....

Ook hier, soos in die geval van die koste reeds in hierdie hoofstuk vermeld, word ook geen kosteverdeling gemaak nie. Ten einde 'n koste per sak mielies hanteer, te bepaal nie.

Vir die doel van hierdie studie, sal administratiewe onkoste toegedeel word. 'n Organisasie en metodeondersoek is uiters wenslik en sal 'n studie op sigself vereis ten einde 'n betroubare kosteverdelingsbasis te verkry.

g. Samevatting:

Uit die voorgaande bespreking is dit dus duidelik dat daar 'n groot leemte is in soverre dit kosteverdeling aanbetref.

Vergelykings van koste kan slegs aan die einde van 'n jaar gemaak word en word nie ontleed sodat afwykings verkry kan word nie.

Salarisse en lone moet in verband gebring word met eenhede hanteer, so ook waardevermindering van toerusting.

Administratiewe onkoste kan ook in verband gebring word met die dienste wat aan die verskeie afdelings gelewer word en uiteindelik sover gevoer word om 'n koste per eenheid van elke sak mielies hanteer, te bepaal.

9. Vergoeding wat verdien kan word:

a. Inleiding.

Uit hoofde van die ooreenkoms met die Raad van Beheer oor die Mielienywerheid, word die koöperasie as 'n Agent van die Raad aangestel. As Agent, is die koöperasie geregtig op vergoeding vir die dienste gelewer deur die aankoop van die mielies van die produsent, die hantering en opberging daarvan en die lewering of versporing daarvan aan 'n aangewese koper.

Hierdie vergoeding wat aan die agent betaal word, sal in hierdie hoofstuk kortliks bespreek word.

Die vergoeding wat aan die agent betaal word, word net in twee

/soorte.....

soorte verdeel naamlik, hanteringsvergoeding en opbergingsvergoeding. Verder word ook 'n spesiale vergoeding vir buitestapeling betaal.

b. Hanteringsvergoeding.

Volgens die skriftelike ooreenkoms van die Raad met die Agent, betaal die Raad aan die agent hierdie vergoeding volgens die tariewe en voorwaardes soos per klousule 33 hier onder uiteengesit.

(1) Klousule 33:

Die Raad onderneem om aan die Agent ten opsigte van mielies gelewer of versend kragtens klousule 10 en deur die geadreseeerde ontvang, 'n bedrag te betaal wat soos volg bereken word:-

(a) 10 pennies per 200 lb. netto gewig op mielies gelewer uit die skuur van die Agent of verspoor van sy aangewese spoorwegstasie of -halte met dien verstande dat 'n voorskot aan die Agent gemaak sal word, bereken teen 5 pennies per sak op die aantal sakke mielies op 31 Oktober 1957 kragtens hierdie ooreenkoms namens die Raad gehou; en met dien verstande verder dat die Raad na daardie datum slegs 5 pennies per sak hantering aan die Agent sal betaal totdat die totale voorskot uitgewis is en dat enige gedeelte daarvan wat na die lewering van al die betrokke mielies, nog nie uitgewis is nie, van die Agent verhaalbaar is, of

(b) 6 pennies per 200 lb. netto gewig op alle mielies verspoor deur of namens die Agent van enige spoorwegstasie of -halte anders dan sy aangewese spoorwegstasie of -halte, of

(c) 4 pennies per 200 lb. netto gewig op alle mielies aan 'n geadresseerde gelewer sonder dat sodanige mielies deur die Agent in sy skuur gehanteer en per spoor versend is, en

(d) $1\frac{1}{2}$ pennie per 200 lb. netto gewig indien die mielies gelewer of verspoor is ingeval 'n opdrag vir die lewering of versporing van minder as 100 sakke mielies, tensy die Agent oor minder as 100 sakke van die verlangde graad mielies beskik;

/met.....

met dien verstande dat die uitdrukking "aangewese spoorwegstasie of -halte" sal beteken daardie spoorwegstasie of -haltes wat die Agent in items 4 en 5 van sy aansoekvorm aangegee het, en soos deur die Raad aanvaar is as die spoorwegstasie of -halte vanwaar die mielies wat in die betrokke skuur gehanteer word, normaalweg versend word. Vir mielies in graansuiers gelewer, word die vergoeding betaal soos in klousule 35 hieronder.

(2) Klousule 35:

Die Raad onderneem om ten opsigte van mielies wat deur produsente in graansuiers gestort is, te betaal by wyse van hanteringsvergoeding, 'n bedrag van 2 pennies per 200 lb. netto gewig van daardie mielies.

Vgl uittreksels uit die memorandum van Agentskapsoreenkoms met die Raad van Beheer oor die Mielienywerheid wat van toepassing was op die 1957 /58-seisoen).

Samevattend kom dit dus daarop neer dat

- (a) 10 pennies per sak betaal word vir elke sak wat deur die Agent in en uit sy skuur hanteer word, wat die algemene hanteringsvergoeding genoem kan word.
- (b) 6 pennies per sak waar mielies net versend word, wat baie selde phasvind.
- (c) 4 pennies per sak vir direkte plaaslike lewerings wat as direkte hanteringsvergoeding bekend staan.
- (d) $1\frac{1}{2}$ pennie per sak vir klein hoeveelhede wat as hanteringsvergoeding vir klein hoeveelhede bekend staan.
- (e) 2 pennies per sak vir mielies wat in graansuiers gelewer is.

c. Opbergingsvergoeding.

Hierdie vergoeding word betaal aan die Agent volgens die bepalinge en voorwaardes van Klousule 36 van die ooreenkoms.

(1) Klousule 36.

Die Raad onderneem om, mits die hoeveelheid mielies kragtens

/klousule.....

klousule 10 gelewer of versend minstens 500 sakke beloop, so gou doenlik na die einde van elke kalendermaand aan die Agent, ten opsigte van alle mielies deur hom van produsente kragtens hierdie ooreenkoms ontvang en opgeberg op die perseel waar die Agent besigheid dryf soos bepaal in klousule 1(d), uitgesondered mielies ontvang kragtens klousule 2 en 23, te betaal

1. by wyse van opbergingsvergoeding, 'n bedrag bereken volgens die formule

$$(a + b - d) - c \frac{Sa + Sb - Sd}{Sd - Sb} \quad 5 \text{ pennies}$$

waar

a = die aantal sakke mielies aan die einde van die kalendermaand deur die Agent namens die Raad gehou.

b = die aantal sakke mielies gedurende daardie kalendermaand deur die Agent in opdrag van die Raad gelewer teen 'n hanteringsvergoeding van 6 pennies en 4 pennies per sak.

c = die aantal sakke mielies wat gedurende daardie kalendermaand deur die Agent vir sy eie rekening verkoop is, insluitende mielies wat as saad verkoop is.

d = die aantal sakke mielies gedurende daardie kalendermaand deur die Agent ingevolge klousule 1 ontvang.

Sa = die som van die aantal sakke mielies deur die Agent namens die Raad gehou aan die einde van elke kalendermaand vanaf 1 Mei 1957 tot aan die einde van die maand ten opsigte waarvan die berekening gedoen word.

Sb = die aantal sakke mielies gedurende die tydperk vanaf 1 Mei 1957 tot aan die einde van die kalendermaand ten opsigte waarvan die berekening gedoen word, deur die Agent in opdrag van die Raad gelewer teen 'n hanteringsvergoeding van slegs 6 pennies of 4 pennies per sak.

Sd = die aantal sakke mielies gedurende die tydperk 1 Mei 1957 tot aan die einde van die kalendermaand ten opsigte waarvan die berekening gedoen word deur die Agent ingevolge klousule 1 ontvang; met dien verstande dat:

/(i).....

(i) die tarief van 5 pennies per sak verminder sal word na 3.1 pennies per sak sodra die bedrag wat by wyse van opberging aan die Agent betaal is ten opsigte van mielies wat hy ingevolge hierdie ooreenkoms van produsente ontvang het vir opberging namens die Raad 17.5 pennies per sak bereik het.

(ii) die tarief van die opbergingsvergoeding betaalbaar op mielies wat nog deur die Agent op 31 Julie 1958 en daarna gehou word, voor 30 April 1958, na onderlinge oorlegpleging bepaal sal word.

(Uittreksel uit die memorandum van Agentskaps-ooreenkoms met die Raad van Beheer oor die Mielienywerheid wat van toepassing was vir die 1957/58-seisoen).

Sub-klousule twee van hierdie klousule word nie aangehaal nie omdat dit nie van toepassing is op Sentraal-Wes nie.

In kort kom hierdie klousule daarop neer dat die Raad die Agent 5 pennies per sak mielies betaal vir elke kalendermaand wat dit opgeberg is. In die kalendermaand waarin die mielies ontvang word, word geen opbergingsvergoeding betaal nie en ook nie vir die maand waarin dit versend word nie.

Verder word net 5 pennies per sak per maand betaal vir drie-en-'n-half maand, daarna slegs 3.1 pennies per sak per maand tot 31 Julie 1957, daarna word 'n bedrag per sak bepaal na onderlinge oorlegpleging.

Dit kan dus gebeur dat alhoewel 'n sak mielies vir meer as 'n maand, let wel nie 'n kalendermaand, opgeberg is geen opbergingsvergoeding daarop verdien word nie. Dit kan op die volgende wyse gebeur: veronderstel dat 'n sak mielies aan die begin van 'n besondere maand ontvang is en veronderstel verder dat dieselfde sak mielies aan die einde, maar voor die end van die maand verspoor word, dan kan uit hoofde van klousule 36, geen opbergingsvergoeding verdien word nie. Dié probleem is

/blykbaar

blykbaar sonder oplossing omdat daar 'n datum bepaal moet word vir 'n „maand" van opberging; die mees logiese is tog 'n kalendermaand. Sou hierdie datum na die vyftiende van die maand, of enige ander dag verskuif word, sal dit nog nie die probleem oplos nie.

Maandelikse opgawes moet ingedien word by die Raad wat besonderhede moet bevat ten opsigte van elke graad vir elke ontvangsdepot en in totaal van die balans op hande aan die begin van die maand, aantal sakke ontvang en versend gedurende die kalendermaand en die balans op hande aan die einde daarvan. Vanaf hierdie opgawes word die berekening van die opbergingsvergoeding gedoen.

Probeer ons nou die begenoemde probleem oplos deur half-maandelikse opgawes in te dien, kom mens voor die probleem van verdubbeling van werk te staan wat dus ook buite rekening gelaat moet word.

Uit die aangehaalde kousules is dit duidelik dat in die maand waarin die mielies ontvang is, dus geen opbergingsvergoeding verdien kan word nie. Opberging vir die maand van ontvangs van die mielies is dus sonder vergoeding. Vir die maand waarin dit verspoor word, word ook geen vergoeding betaal nie. Dit kan dus gebeur dat in die uiterste gevalle 'n sak mielies vir bykans twee maande in die skuur van die Agent gelê het, sonder dat dit opbergingsvergoeding verdien het. As daarby in ag geneem word dat die mielies op die vroegste, 14 dae na datum van versporing betaal word deur die Raad, kan dit gebeur dat rente op die produsentevoorskotprys vir meer as twee maande betaal moet word sonder dat enige opbergingsvergoeding verdien is. Die opbergingsvergoeding van 5 pennies per sak per maand word slegs vir $3\frac{1}{2}$ maande betaal, daarna slegs 3.1 pennies per sak per maand tot negentien maande na die aanvangsdatum van die besondere seisoen. In die geval van....
/mielies.....

mielies is dit 1 Mei, dus word die tarief van 3.1 pennies per sak per maand betaal tot op die 31ste Julie van die volgende jaar. Daarna word 'n tarief bepaal na onderlinge ooreenkoms.

(2) Vergoeding vir buitestapeling.

Omdat dit prakties onmoontlik is om al die mielies wat ontvang word, in skure te pak, betaal die Raad aan die Agent 'n spesiale opbergingsvergoeding vir buitestapeling. Hierdie vergoeding is nie betaalbaar uit hoofde van die ooreenkoms met die Agent nie en word deur die Raad bereken op 'n sekere bedrag per sak na inagneming van onbenutte skuurruimte wat deur hulle inspekteurs bepaal word. Hierdie vergoeding kan feitlik as 'n toekenning beskou word ten einde die hoë koste van buitestapeling gedeeltelik te vergoed. Presiese besonderhede van hoe onbenutte ruimte bepaal word, word nie beskikbaar gestel nie en die Agent moet hierdie betaling aanvaar, sonder om enigsins die akkuraatheid daarvan te toets.

(d) Samevatting.

Omdat die vergoeding in alle gevalle bereken word op 'n eenheid van 200 lb. netto gewig, is die aantal sakke mielies wat ontvang sal word, in die eerste plek die vernaamste faktor wat die bedrag van die vergoeding wat verdien kan word, bepaal. Die aantal sakke mielies wat ontvang word, is egter buite die beheer van die Agent, soos reeds aangetoon. Vergoeding kan dus nie verhoog word nie en die enigste uitweg is om die koste so laag moontlik te hou.

Opbergingsvergoeding kan oor nie verhoog word deur mielies langer te skuur nie omdat dit verspoor moet word binne die tyd bepaal in die opdragte van die Raad.

Die Agent moet dus die koste beheer en so laag moontlik hou en bepalinge van die Raad so getrou moontlik nakoem om nie vergoeding te verbeur nie.

Hoofstuk 3.

State-analiso.

1. Inleiding.

Ten einde nou 'n beeld van mielie-opberging as 'n geheel te kry, moet 'n ontleding gemaak word van die finansiële state van Sentraal-Wes vir 'n aantal opeenvolgende jare. Die state wat hier ontleed wal word, is vir die tydperke soos aangedui in die bylaes.

- a. Vir die jaar geëindig 31 Mei 1954;
- b. Vir die jaargeëindig 31 Mei 1955;
- c. Vir die jaar geëindig 31 Mei 1956;
- d. Vir die tydperk 1 Junie 1956 tot 31 Januarie 1957.
- e. Vir die jaar geëindig 31 Januarie 1958.
- f. Vir die jaar geëindig 31 Januarie 1959.

Daar moet op gelet word dat in die geval van d, die tydperk slegs agt maande is. Die rede hiervoor is dat in 1956 besluit is om finansiële jare in die toekoms op 31 Januarie te laat eindig omdat die datum buite die ontvangsseisoen van die vernaamste graansoorte val. Personeel is dan nie so besig as gedurende die seisoen nie en aandag kan gegee word aan gegewens wat vir afsluiting van die boeke en rekeninge verkry moet word.

'n Redelike beeld sal dus verkry kan word uit die state oor die jare, soos aangedui, waarvan die totale tydperk vyf jaar en agt maande is. Uit 'n rekeningkundige oogpunt gesien, is vyf jaar voldoende, maar aangesien on tussenin 'n tydperk van agt maande kry, is besluit om 'n langer tydperk te neem vir ontleding.

Die state vir die jaar wat op 31 Januarie 1959 eindig, is die jongste beskikbaar.

2. Die organisasie van Sentraal-Wes.

Voordat tot die ontleding van die finansiële state oorgegaan word, is dit allereers nodig om 'n duidelik uiteensetting te kry van die departemente waarin die organisasie van Sentraal-Wes verdeel is, naamlik die volgende departemente.

- a. Administrasie.
- b. graan.
- c. handel.
- d. assuransies.
- e. meule.
- f. nywerhede.
- g. saad.
- h. bouafdeling.

Eersgenoemde vir, a, b, c, d en h vorm die Hoofkantoor Klerksdorp, terwyl die ander drie, e, f en g afsonderlike eenhede is.

Laasgenoemde drie word elk afsonderlik geadministreer. Die kantoor vir die meulens is geleë te Kroonstad, die nywerhede te Viljoenskroon en die saadafdeling te Orkney.

Elke departement het 'n bestuurder en 'n rekenmeester, behalwe in die administrasiedepartement waar slegs die Sekretaris en 'n rekenmeester is en die assuransiedepartement waar slegs 'n bestuurder is. Die administrasiedepartement val onder die bestuur en die boeke en rekeninge vir die assuransiedepartement vir die bouafdeling word deur die administrasie-afdeling gehou.

Bylae 19 gee 'n idee van die organisasie en bestuur van Sentraal-Wes.

Uit die skets is dit duidelik dat die organisasie groot is en goed verdeel ten einde funksionering so glad moontlik te laat verloop en werk so spoedig moontlik af te handel.

/3 Ontleding ...

3. Ontleding van die graan-afdeling se state.

a. Inleiding.

In die vorige hoofstuk is die mielierekening vir die oeste van die verskeie seisoene ontleed om 'n vergelyking te maak tussen die verskillende koste poste van die besondere seisoene. 'n Poging sal nou aangewend word om die Inkomste- en Uitgawerekenings van die graanafdeling te ontleed en die koste toe te deel aan die mielie-oeste van die verskeie seisoene om die koste per sak te bepaal.

Bylae 4 gee die inkomste van die graanafdeling in tabelvorm aan met die totale inkomste onder elke sub-hoof ten einde die totale inkomste van elke graansoort vir elke jaar en elke seisoen te bepaal. Dit is egter noodsaaklik om op hierdie stadium andermaal te meld dat die ontvangseisoen vir mielies van 'n besondere seisoen vir een jaar vanaf 1 Mei van die besondere jaar tot op 30 April van die volgende jaar strek waarna die nuwe oes se ontvangstydperk weer begin. Die grootste gedeelte van die mielie-oes word vanaf Junie tot die einde September in ontvangs geneem en aangesien verbruik gelykmatig verspreid is oor die jaar en daar soms 'n oorproduksie van mielies is, soos dit die afgelope aantal jare die geval was en mielies uitgevoer moes word, kan al die mielies wat in die ontvangstydperk van 'n jaar ontvang is, nie alles van die hand gesit word nie. Die gevolg is dan dat voorrade van 'n besondere seisoen selde binne 18 maande vanaf die datum van die begin van die seisoen, 1 Mei, alles namens die Mielieraad verspoor kan wees. Aangesien die nuwe ontvangseisoen dan reeds weer begin het, gebeur dit dat daar meer as een seisoen se mielies in voorraad is.

Die bostaande feite verklaar dus waarom van 'n besondere seisoen oor verskeie jare se inkomste in berekening gebring word. Die bedrag inkomste van 'n sekere seisoen wat in 'n besondere jaar in berekening gebring word, word bepaal op

/die....

op die wyse hieronder beskryf.

b. Inkomste en uitgawes.

Ten eerste word die vergoeding wat verdien is by wyse van hantering en opberging vir die finansiële jaar-berekening, soos omskryf in die ooreenkoms van Agentskap met die Mielieraad soos in die vorige hoofstuk, aangetoon. Daarna word voorsiening gemaak vir 'n moontlike oestekort, gebaseer op die syfers van voorgaande jare wat ongeveer 45% in gewig en 5% in waarde is. Daarna word die werklike koste van swak en stukkende sakke, landbankrente, regstreekse koste en boetes op vergoeding belas. Uit die surplus van die inkomste, op bostaande wyse bepaal, word nog 'n bedrag in reserwe gehou vir gebeurlikhede wat deur die ouditeure en bestuur op besluit word. Die balans word dan geneem as die inkomste op die besondere seisoen vir die finansiële jaar waarvoor die afsluiting gedoen word.

Al die bostaande gegewens word in die mieliehandelsrekening opgesom. Die rekening word gewoonlik vir elke finansiële jaar vir elke oes opgestel totdat al die mielies namens die Mielieraad vesend of verspoor is. Sodra al die mielies as sulks gelewer is, word 'n finale mielierekening opgestel waarin al die werklike inkomste ontvang en uitgawes betaal, getoon wor, soos gesien kan word in bylae 9. Die werklike oestekort word dan bepaal en vergelyk met dié van voorgaande seisoene.

Die uitgawes items is egter reeds in die voorgaande hoofstuk bespreek en daar sal nie verder op ingegaan word nie.

4. Ontleding van die saangevatte inkomste- en uitgawerekening.

a. Inleiding. Hierdie rekening, soos die beskrywing daarvan ook aandui, is 'n samevatting van al die inkomste van alle afdelings.

/b. Inkomste....

b. Inkomste. Soos reeds gesê word die inkomste van al die afdelings of departemente hierin saamgevat asook diverse inkomste wat nie tot ander afdelings behoort nie en sluit huur, rnete, dividende ontvang en kommissies ontvang, in wat slegs op die administrasieafdeling betrekking het. Vir die besonderhede hiervan word u verwys na bylae 12.

c. Uitgawes. Die uitgawes wat in hierdie rekening getoon word, sluit slegs die uitgawes in wat nie op die ander afdelings betrekking het nie. Die belangrikste koste-items is; salarisse van die bestuur, sekretariële departement, lede-rekenings, hoofkantoorlone en assuransies, algemene koste, drukwerk en skryfbehoftes, ouditfooie, reiskoste, telefoon en waardevermindering. Die koste-items is slegs in totaal aangetoon op bylae 12 en op bylae 9 (1) waar dit begetel is by die koste van die graanafdeling.

d. Toedeling. Die totaal van die koste van die saamgevatte Inkomste- en Uitgawerekening word by die totale koste van die graanafdeling getel. Van hierdie totaal word afgetrek die inkomste van ander graansoorte en die van die ander afdelings volgens bylae 9 volgens die beginsel dat dit inkomste uit sogenaamde newe-produkte is, soos hier onder aangetoon, en die inkomste beskou is as 'n vermindering van die uitgawes van die hoofproduk.

Die inkomste van die ander afdelings is na aftrekking van alle koste, wat op daardie afdeling betrekking het, van die bruto inkomste van daardie afdeling, bepaal.

(1) Toedeling van uitgawes of koste aan mielies en die bepaling van die koste per sak.

Mielies is die vernaamste bron van inkomste vir Sentraal-Ves. Die totale inkomste uit mielies vir die vyf jaar en agt maande, soos aangetoon op bylae 4, was £3,663,919 terwyl die inkomste uit alle ander bronne van die graanafdeling slegs £1,267,613 beloop het, of 76.7% en 23.3% respektiewelik.

/Die.....

Die gevolgrekking kan dus gemaak word dat mielies die vernaamste-handelsproduk van Sentraal-Wes is, tewens, dit is ook die vaste oortuiging van die hoofbestuurder van Sentraal-Wes.

Waar die uitgawes nou aan mielies toegedeel sal word, sal die fiet dat mielies die hoofproduk is, die basis van kostetoedeling wees. Inkomste uit ander graan en die ander afdeling sal dan vir die doeleindes van kostetoedeling as newe-produkte beskou word. Ons het hier meer as een produk wat hanteer word, en het ons die probleem van "joint costs" wat in 'n meerdere of mindere mate in elke bedryf voorkom (Blocker: 1954; 269).

Aangesien mielies nou die hoofproduk van Sentraal-Wes is, en die inkomste van die ander produkte en afdelings relatief laag is kan die inkomste van die ander produkte en afdelings as neweprodukte beskou word. (Blocker; 1954: 275). (Sien ook bylae 4).

Soos reeds aangetoon, word die inkomste van een mielie-oes oor meer as een jaar verkry en mag daar in een finansiële jaar inkomste uit vier mielie-oeste wees soos blyk uit bylae 4 vir die finansiële jaar wat op 31 Januarie 1959 ten einde geloop het. Om dan nou hierdie koste toe te deel aan die verskillende mielie-oeste wat hanteer is, is van die "Market price"-metode van koste toedeling gebruik gemaak. (Blocker; 1954, 272).

Om die koste toe te deel aan mielies, is die metode hier onder uiteengesit, toegepas.

Omdat mielies die hoofproduk is wat deur Sentraal-Wes hanteer word, is vir die toedeling van koste die Saamgevatte Inkomste- en Uitgawerekening van die onderneming eerste bestudeer en die surplus van die inkomste bo uitgawes beskou as uitsluitlik die wins wat op mielies gemaak is. Inkomste uit ander afdelings wat op hierdie rekening voorkom, /asook

asook die inkomste uit ander graan en ander bronne op die Graanafdeling Inkomste- en Uitgawerekening aangetoon is, beskou as 'n vermindering an alle uitgawes op die twee rekenings aangedui. (Blocker: 1954; 275). Die toepassing van hierdie beginsel kan op bylae 5 gesien word.

Die koste wat dan volgens bostaande metode aan elke mielie-oes hanteer, volgens bylae 9 (1) (d), toegedeel is, is volgens die onderstaande tabel.

Tabel 10

Koste toegedeel aan die mielie-oeste van die verskeie seisoene.

Seisoene.	Koste toegedeel £	Aantal sakke ontvang 000	Koste per sak pennies
1957/58	591,172	9,566	14.83182
1956/57	399,597	7,072	13.56098
1955/56	482,417	7,199	16.08280
1954/55	600,012	7,904	18.21898
1953/54	340,528	6,120	13.35403
Totaal:	2,413,726	37,862	
Berekende gemiddelde d.w.s. totale koste gedeel deur totale aantal sakke ontvang.			15.30014
Rekenkundige gemiddelde.			15.20972

Opgemerkt moet word dat,

- (a) Die 1958/59-seisoen word nie in berekening gebring nie omdat die oes op 31 Januarie 1959 nog nie afgehandel was nie.
- (b) Die 1952/53-seisoen word nie in berekening gebring nie omdat die oes bykans afgehandel was in die finansiële jaar wat op 31 Mei 1954 ten einde geloop het.
- (c) Die 1957/58-seisoen was, behalwe vir 87,975 sakke, nog nie afgehandel nie.

Dat hierdie metode van koste-toedeling aan kritiek onderhewig is, kan nie aan getwyfel word omdat met die wisseling van die inkomste op die verskeie oeste, die koste noodwendig ook sal wissel en die inkomste op 'n besondere oes nie 'n /akkurate.....

akkurate aanduiding kan wees van die werklike koste nie, (Blocker: 1954; 272) omdat koste op die basis van inkomste aan die ooste toegedeel word.

(2) Berekening van die inkomste per sak mielies.

Die inkomste wat hier per sak bereken gaan word, is nadat die uitgawes wat op die mielierekening verskyn, reeds afgetrek.

Die inkomste van elke oes wat in die onderstaande tabel aangegee word, is verkry van bylae 4. Ook hier word die oes van die 1957/58-seisoen buite rekening gelaat omdat dit nog nie afgehandel was nie en die 1952/53-seisoen omdat dit bykans afgehandel was in die eerste jaar van hierdie oorsig.

Tabel 11.

Inkomste per sak mielies ontvang, en die berekening van die netto inkomste.

Seisoen	Aantal sakke ontvang 1,000.	Inkomste £	Inkomste per sak <u>pennies.</u>	Koste per sak volgens tabel 10- pennies.	Netto Inkomste per sak pennies
1957/58	9,566	700,624	17,57778	14,83182	2,74596
1956/57	7,072	527,187	17,89096	13,56098	4,32998
1955/56	7,199	632,455	21,08476	16,08280	5,00196
1954/55	7,904	876,608	26,61765	18,21898	8,39867
1953/54	6,120	543,856	21,32768	13,35403	7,97365
Berekende gemiddelde				20,79592	
Rekenkundige gemiddelde				20,89976	

Indien die gemiddelde inkomste per sak bereken word, kom dit neer op 20,79592 pennies en volgens die rekenkundige gemiddelde, dit wil sê nie som van die inkomste per sak, gedeel deur vyf, is die syfer 20,89976 pennies, wat 'n geringe verskil verteenwoordig.

Om nog verder 'n vergelyking te tref tussen die inkomste per /sak.....

sak en die koste per sak, sal bywyse van 'n verdere tabel ook die bruto inkomste per sak vir elke seisoen ontvang, aangegee word.

Tabel 12.

Vergelyking van inkomste en koste per sak.						
Seisoen.	Sakke ont- vang 1000.	Pennies per sak.				
		Bruto Inkom- ste.	Direkte uitgawes ($\times .25$)	Inkomste volgens tabel 11	Uitgawes toegedeel	Netto Inkomste.
1957/58	9,566	30.21	12.38	17.58	14.83	2.75
1956/57	7,072	29.58	11.79	17.89	13.56	4.33
1955/56	7,199	34.9	13.82	21.08	16.08	5.00
1954/55	7,904	43.62	17.01	26.61	18.22	8.39
1953/54	6,120	32.02	10.69	21.33	13.35	7.98
* Voorsiening vir moontlike toekomstige uitgawes omdat die oes nie afgehandel was nie.					Totaal:	28.45
					Gemiddelde:	5.69

Uit die tabel kan duidelik gesien word dat alle items insluitende die netto inkomste, vir die 1954/55-seisoen die hoogste was. Dit wil dus voorkom asof die basis van toedeling van koste wat nie direk aan 'n besondere oes toegedeel kan word nie, aanvaarbaar is. Die resultaat, naamlik die hoogste wins vir die oes met die hoogste inkomste, strook met die algemene opvatting dat die produk met die hoogste bruto inkomste, die hoogste netto inkomste sal gee, alhoewel dit nie altyd noodwendig is nie. Word die volgende twee oeste met die volgende hoogste inkomste vergelyk, naamlik die 1955/56- en die 1953/54-seisoene, dan kan bostaande argument nie steek hou nie. Die verklaring van die 2.98 pennies per sak minder netto inkomste vir die 1955/56-seisoen as vir die 1953/54-seisoen, moet gesoek word in die stygende koste wat deels toegeskryf kan word aan onvoldoende kostebeheer en ook aan die algemene stygende tendens van koste oor die afgelope aantal jare. Tog kan die feit, dat koste nie beheer word nie,

/nie weg

nie weg geredeneer word nie.

Word dit verder in ag geneem dat vir die 1955/56-seisoen 1,079,000 sakke meer ontvang is, wat die koste per eenheid moes verlaag het, spreek bostaande argumente nog duideliker.

5. Die wins- en verlieskruispunt.

a. Inleiding.

Die bruto inkomste, direkte koste, inkomste, koste toegedeel en netto inkomste per sak is nou bepaal, soos in tabel 12 saamgevat. Op hierdie stadium is dit nou moontlik om die wins- en verlieskruispunt by die opberging van mielies vir Sentraal-Wes, vir elke seisoen te bepaal.

b. Berekening van die wins- en verlieskruispunt.

Daar word nou egter voor die probleem te staan gekom van vaste, semi-veranderlike en veranderlike koste. Omdat koste toegedeel is na aftrekking van die totale bedrag van koste, die bedrag van die inkomste van ander graan en die ander afdelings, kan daar nie gesê word met watter bedrag elk van die vaste, semi-veranderlike en veranderlike koste verminder is nie.

Word die Inkomste- en uitgawerekenings bestudeer, dan word tot die gevolgtrekking geraak dat daar geen koste as vaste koste beskou kan word nie omdat elke koste-item vir elke tydperk verskillend is.

Die wins- en verlieskruispunt sal slegs uit die totale koste en totale inkomste afgelei moet word.

Die onderstaande tabel gee die berekende wins- en verlieskruispunt in eenhede vir elke seisoen soos aangedui:

/Tabel 13.....

Tabel 13.

Die wins- en verlieskruispunt.

Seisoen	Bruto Inkomste £	Reg- streekse uitgawes £	Inkomste £	Koste toege- deel £	Netto Inkomste £	Wins- en verlies kruispunt aantal sakke.
1957/58	1,204,201	503,577	700,624	591,172	109,452	8,071,626
1956/57	885,145	357,958	527,187	399,597	127,590	5,360,432
1955/56	1,048,266	415,811	632,455	482,417	150,038	5,299,441
1954/55	1,443,415	566,807	876,608	600,012	276,596	5,410,052
1953/54	811,440	267,584	543,856	340,528	203,328	3,831,730
	5,392,467	2,111,737	3,280,730	2,413,726	867,004	27,973,281

Volgens tabel 13 is die wins- en verlieskruispunt bereken, dit wil sê, die aantal sakke wat ontvang moet word en vir 'n sekere tydperk opgeberg moet word, voordat enige netto inkomste (of wins soos algemeen bekend) verkry kan word.

Uit die gegewens van tabel 13 kannou vir elke oes 'n grafiek getrek word waarvan onder andere die wins- en verlieskruispunt gelees kan word. Soos reeds aangedui, kan die vaste koste nie met sekerheid bepaal word nie, maar vir die huidige doel, sal aangeneem word dat die koste wat aan die verskeie oeste toe- gedeel is die vaste koste vorm, alhoewel veranderlike koste, tot 'n sekere mate, daarby ingesluit is.

Die direkte uitgawes volgens tabel 13, is die kosteitems wat direk varieer in ooreenstemming met die aantal sakke wat ontvang word.

Die bruto inkomste, wat ook die omset genoem kan word, is feitlik ook direk variërend.

Die vaste koste soos hierbo omskryf en die direkte uitgawes, word dan saam getel om die totale koste te kry.

Met bostaande as basis is die grafieke, om die wins- en verlies- kruispunt vir elke oes te bepaal, getrek soos gesien kan word in bylaes 13 tot 17.

/c. Ontleding.....

c. Ontleding van die grafieke.

Net soos in die geval van die tabelle, waar die jongste tydperk eerste aangetoon word, sal hier ook die jongste oes, naamlik 1957/58, eerste bespreek word omdat die mees onlangse gegewens altyd die belangrikste is, gesien uit 'n koste-oogpunt en die van die verlede slegs as 'n basis van vergelyking gebruik kan word.

Van die grafiek vir die 1957/58-seisoen kan afgelees word dat die wins- en verlieskruispunt, in eenhede 8,702,000 sakke is, en dat 4.7 milj. sakke ontvang moet word voor die vastekoste, volgens hierdie skripsie, verhaal kan word. Laasgenoemde aantal sakke kan ook wel bereken word as van die gegewens van tabelle 12 en 13 gebruik gemaak word.

Van die grafiek kan ook die netto inkomste vir die oes afgelees word naamlik \pm £110,000.

Dieselfde besonderhede kan vanaf die grafiek van die 1956/1957-oes afgelees word, so ook dié van die ander seisoene en om vergelyking te vergemaklik word van die besonderhede wat van die grafieke gelees kan word in die onderstaande tabel saamgevat:

Tabel 14.

Besonderhede wat van die grafieke gelees kan word.

Seisoen	Vaste koste £ .000	Veranderlike koste £ .000	Totale koste £ .000	Bruto inkomste £ .000	Netto inkomste £ .000
1957/58	590	500	1090	1200	110
1956/57	400	357	750	880	130
1955/56	480	415	900	1050	150
1954/55	600	565	1170	1440	270
1953/54	340	270	605	810	200

/Wins-

Seisoen	Wins- en verlieskruispunt £ .000	Wins- en verlieskruispunt sakke .000	Aantal sakke wat ontvang moet word om vaste koste te verhaal. .000
1957/58	1010	8072	4700
1956/57	670	5300	3100
1955/56	800	5400	3300
1954/55	995	5500	3300
1953/54	500	2500	3800

d. Gevolgtrekkings.

In totaal toon inkomste en koste groot skommeling; vaste koste as gevolg van die toedeling van koste wat gemaak is op die sogenaamde „markprys“-metode. Die ander koste hang af van die aantal sakke wat ontvang is en so ook die inkomste, wat buite die beheer van die onderneming is soos aan die begin van die voorgaande hoofstuk aangetoon. Die wins- en verlieskruispunt in waarde sal dus noodwendig ook groot skommeling toon as gevolg van die invloed van bogemelde feite.

Bestudeer ons nou egter die wins- en verlieskruispunt volgens eenhede dan is dit duidelik dat die van die 1957/58-en die van die 1953/54-oes, die uiterste gevalle is.

Vir die ander drie seisoene, is die wins- en verlieskruispunt volgens die gegewens, feitlik dieselfde met 'n verskil van 100,000 sakke minder as vir die voorgaande oes. Neem ons die gemiddeld van die van die twee uiterste oeste, is die gemiddelde 5,280,000 sakke of by benadering 5,300,000 sakke.

In die lig van bostaande kan dus bepaal word dat Sentraal-Wes slegs gemiddeld $5\frac{1}{2}$ miljoen sakke per seisoen moet ontvang om die wins- en verlieskruispunt te bereik, as al die ander afdelings hulle normale bydrae tot die vermindering van koste maak en elke sak mielies vir ten minste 7.33 maande opgeberg word en op elke sak 10 pennies hantering betaal word. Dit wil sê die totale vergoeding moet dus 36.738 per sak wees. (Bereken volgens 'n afleiding van tabel 15 gemaak waar bepaal is dat

/gemiddeld....

gemiddeld 7,572,000 sakke per seisoen ontvang moet word waarop 'n vergoeding van 28.6 pennies per sak verdien moet word om die wins- en verlieskruispunt te bereik).

Anders gestel, volgens die berekening in tabel 15, moet 7,072,000 sakke per seisoen ontvang word en elke sak vir ten minste 4 maande opgeberg word.

Tabel 15.

Die vergoeding wat per sak verdien moet word om die wins- en verlieskruispunt te bereik.

Seisoen	P e n n i e s .			Minimum aantal maande wat elke sak wat ontvang word, opgeberg moet word.		
	Ver- goeding per sak	Han- terings vergoe- ding	Opbergings vergoeding wat verdien moet word vir elke sak ontvang	Teen 5d per sak	Teen 3.1d per sak	Totaal
1957/58	27.46	10	17.46	3.5	-	3.5
1956/57	25.35	10	15.35	3.07	-	3.07
1955/56	29.9	10	19.9	3.5	.78	4.28
1954/55	35.23	10	25.23	3.5	2.5	6.00
1953/54	25.04	10	15.04	3.01	-	3.01
Gemiddeld	28.596	10	18.596	3.116 ⊗ 3.5	.656 .354	3.972 3.854

⊗ Hierdie syfers is bereken op dieselfde manier as vir elke oes met die gemiddelde vergoeding wat verdien moet word, naamlik 28.6 pennies per sak, as basis.

Uit bostaande tabel kan dan afgelei word dat gemiddeld 7,572,000 sakke per seisoen ontvang word en vir 3.854 maande opgeberg moet word om die wins- en verlieskruispunt te bereik.

Met bogenoemde as basis, kan ons nou vir verkillende hoeveelhede sakke wat ontvang sal word per seisoen, bepaal hoe lank elke sak ontvang, opgeberg moet word om die wins- en verlieskruispunt te bereik.

Tabel

Tabel 16.

Die tydperk wat elke sak ontvang, vir verskeie hoeveelhede, opgeberg moet word om die wins- en verlieskruispunt te bereik.

Aantal sakke ontvang	Maande wat elke sak opgeberg moet word		
	Teen 5d per sak	Teen 3.1d per sak	Totaal
9 Miljoen	2.82	-	2.82
8½ "	3.095	-	3.095
8 "	3.414	-	3.414
7½ "	3.5	.445	3.944
7 "	3.5	1.11	4.61
6½ "	3.5	1.876	5.376
6 "	3.5	2.772	6.272
5½ "	3.5	3.83	7.33

Om te bereken vir hoeveel maande elke sak wat ontvang word, opgeberg moet word, vir elke hoeveelheid ontvang, is met die gemiddelde ontvangste van 7,572,000 sakke in tabel 2 bepaal en die gemiddelde vergoeding wat verdien moet word in tabel 15 bepaal, 28.6 pennies per sak, as basis geneem. Vir elke hoeveelheid is dan bereken hoeveel pennies vergoeding per sak verdien moet word om die wins- en verlieskruispunt te bereik. Van hierdie bedrag is dan die hanteringsvergoeding van 10 pennies per sak afgetrek om die bedrag te kry wat by wyse van opberging verdien moet word.

As hierdie bedrag per sak minder is as 17.5 pennies, die gewaarborgde vergoeding volgens klousule 36(1)(ii) van die 1957/58-Agentskapsoreenkoms, word dit slegs deur 5 gedeel (die gewaarborgde vergoeding is 5 pennies per sak vir die eerste 3½ maande). Indien dit meer as 17.5 pennies per sak beloop, word eers 17.5 pennies van die bedrag afgetrek en die balans deur 3.1 gedeel. Die getal wat in laasgenoemde geval verkry word, word by die 3½ getel en dan kry ons die totale tydperk in maande wat elke sak vir die gegewe hoeveelheid opgeberg moet word. (3.1 pennies per sak word betaal by wyse

/van.....

van opbergingsvergoeding, sodra die bedrag wat by wyse van opberging aan die Agent betaal is, 17.5 pennies per sak bereik ingevolge klousule 36(1)(ii) van die 1957/58-Agent-skapooreenkoms).

Tabel 16 kan dus gebruik word vir 'n veranderlike begroting van inkomste vir Sentraal-Wes. Die tabel kan verder uitgebrei word deur vir elke hoeveelheid die bedrag inkomste te bepaal wat verdien moet word ten einde die wins- en verlieskruispunt te bereik. Die bedrag kan dan ontleed word as tussen die bedrag van hanteringsvergoeding, opbergingsvergoeding teen 5 pennies per sak opbergingsvergoeding teen 3.1 per sak, die totaal vir opbergingsvergoeding en die totale vergoeding volgens tabel 17.

Tabel 17.

Veranderlike begroting van vergoeding wat verdien moet word om die wins- en verlieskruispunt te bereik.

Aantal sakke	Hanteringsvergoeding @ 10d per sak	Opberging.		Totaal	Totale vergoeding.
		Teen 5d per sak	Teen 3.1d per sak		
Milj.	£	£	£	£	£
9	375,000	508,750	-	508,750	883,750
8½	354,167	529,583	-	529,583	883,750
8	333,334	550,416	-	550,416	883,750
7½	312,500	546,875	24,375	571,250	883,750
7	291,666	510,416	81,668	592,084	883,750
6½	270,866	473,958	138,926	612,884	883,750
6	250,000	437,500	196,250	633,750	883,750
5½	229,167	401,042	253,541	654,583	883,750

Dit is vanselfsprekend dat die totale vergoeding wat verdien moet word, altyd konstant sal moet wees vir elke aantal sakke waarvoor begroot word. Hoe hoër die aantal, hoe laer die vergoeding wat by wyse van opberging verdien moet word en hoe laer die aantal, hoe hoër die bedrag wat by wyse van opberging verdien moet word. As die aantal sakke wat ontvang word per

/seisoen...

seisoen benede 8 miljoen daal, dan moet die mielies vir meer as drie maande opgeberg word om die wins- en verlieskruispunt te bereik. Daal die aantal nog verder dan moet die opberging teen 3.1 pennies per sak nog hoër wees.

Vanweë die sentrale ligging van die gebied van Sentraal-Wes, kan distribusie van die mielies vinniger en gouer geskied as in die geval van ander koöperasies, soos ook wel ondervind was in die verlede. 'n Sekere aantal sakke sal dan moet ontvang word en vir 'n sekere tydperk opgeberg word om die wins- en verlieskruispunt te bereik. As on tabel 15 bestudeer en die gemiddelde opbergingstydperk van die laaste drie oeste geneem word, die van 1957/58, 1956/57 en 1955/56, wat op net oor 3.5 maande te staan kom, dan moet minstens, volgens tabelle 16 en 17, $7\frac{1}{2}$ miljoen sakke ontvang word om die wins- en verlieskruispunt te bereik. Kan die mielies langer opgeberg word dan kan minder sakke ontvang word ten einde alle koste te dek. Dieselfde geld in die geval waar die vergoeding wat per sak betaal word, verhoog word. Die wins- en verlieskruispunt sal dus in terme van eenhede laer wees in die laasgenoemde twee gevalle.

6. Samevatting.

Die state van Sentraal-Wes is ontleed en koste toegedeel aan mielies volgens die markprysmetode, nadat inkomste van ander afdelings van die hoofkantoor-administrasiekoste afgetrek is op die beginsel dat dit inkomste van ondergeskikte bronne is en die inkomste daaruit slegs dien om die koste te verminder. Dat die metode nie suiwer en korrek is nie, is nie aan te betwyfel nie, soos aangetoon, maar dit was skynbaar al oplossing wat gevind kon word.

Die wins- en verlieskruispunt is bepaal in eenhede sowel as in waarde en grafies voorgestel volgens die grafieke in bylaes 15 tot 19.

Uit gegewens verkry by die bepaling van die wins- en verlieskruispunt, is ten slotte 'n veranderlike begroting van inkomste opgestel wat vir die verskeie aantal sakke wat ontvang word, aandui hoeveel vergoeding verdien moet word by wyse van hantering en opberging teen die tarief van 5 en 3.1 pennies per sak.

Ten slotte is kortliks aangedui dat indien die tydperk van opberging verleng of die vergoeding wat betaal word verhoog word, 'n kleiner aantal sakke ontvang kan word en die wins- en verlieskruispunt nog bereik kan word.

Hoofstuk 4.

Enkele slot-beskouings en toekomsbeleid.

Ten slotte sal nou enkele beskouings gemaak word van die gegewens in die voorgaande hoofstukke vervat en indien moontlik, bepaal wat die verband van die verskillende soorte koste is asook die verhouding van die een soort koste tot die ander.

Uit die beskouings sal dan gepoog word om 'n toekoms beleid te bepaal om doeltreffendheid te bewerkstellig en koste te beheer en so laag moontlik te hou.

1. Beskouing van inkomste en uitgawes.

a. Inkomste en uitgawes van mielies.

Volgens die onderstaande tabel het die persentasie inkomste op die bruto inkomste redelik konstant gebly, behalwe in die geval van die 1954/55-oes, waar dit 50.6% beloop het. Die gemiddeld, volgens berekening, l.w. nie die rekenkundige gemiddelde nie, was 57.6%. Dit is dus net vir die 1954/55-oes wat die inkomste onder die gemiddelde was, maar hierdie oes het die grootste totale inkomste gelewer en by vergelyking dus die beste oes uit 'n inkomste-oogpunt gesien.

Word die netto inkomste as 'n persentasie van die bruto inkomste uitgedruk, is dit duidelik dat uitgawes steeds gestyg het vanaf 1953/54 en vind ons dat die 1957/58-oes, waarvan die inkomste die tweede hoogste was, die persentasie inkomste (58.2%) bo die gemiddeld was, en die netto inkomste 9.1% was, die laagste dus van almal. Aan die ander kant moet egter daarop gewys word dat die aantal sakke wat ontvang is vir die oes, die hoogste was en die koste moes noodwendig hoër wees. Word egter in ag geneem dat koste op die markprys basis toegedeel is, dan is dit weereens duidelik dat die koste gestyg het.

/Tabel 18.....

Tabel 18.

Inkomste en koste uitgedruk in persentasies.

Seisoen.	Persentasie van bruto inkomste	Regstreekse koste-items	Bruto inkomste	Netto inkomste as persentasie van bruto inkomste
1957/58	58.2	41.8	100	9.1
1956/57	60.2	39.8	100	14.5
1955/56	61.6	38.4	100	14.4
1954/55	50.6	49.4	100	15.8
1953/54	66.6	33.4	100	24.9
	57.6	42.8	100	15.2

b. Inkomste en uitgawes van die Graanafdeling en ander afdelings.

Die ander inkomste van die graanafdeling en die ander afdelings sal nie hier op ingegaan word nie omdat dit as inkomste van „nwe-produkte” beskou is en slegs dien om die koste te verminder wat aan mielies toegedeel word soos in die vorige hoofstuk beskryf.

Hier sal op die koste ingegaan word en in die besonder dié van die graanafdeling.

Volgens bylae 7 waar elke koste-item as 'n persentasie van die totale koste weergegee is, is die vernaamste koste-items, in volgorde van belangrikheid, die volgende:- (Volgens die totaal-kolom).

- (1) Salarisse (28.1%)
- (2) lone (26.7%)
- (3) bokseilonkoste (12.1%)
- (4) rente (6.7%)
- (5) waardevermindering (4.9%)
- (6) bankkoste (4.3%)
- (7) hyseronkoste (3.9%)
- (8) assurances (3.2%)
- (9) onderhoudskoste, eiendomme, ens (2.0%)
- (10) pakpaalonkoste (1.9%)
- (11) depot.....

(11) depot algemene onkoste (1.1%)

(12) reiskoste (1.1%)

Koste onder 1% word nie bespreek omdat dit relatief nie so belangrik is nie alhoewel 'n styging of daling van .5% 'n invloed van tussen £3,000 en £4,000 op die uiteindelijke netto inkomste kan hê. (Volgens bylae 5, gebaseer op die gemiddelde totale uitgawe, sal 1%, uitsluitend die tydperk van 1 Junie 1956 tot 31 Januarie 1957, bykans £6,200 wees).

Bcgenoemde koste-items sal nou kortliks bespreek word na aanleiding van bylaes 7 en 8. Daar moet egter andermaal op gewys word dat in die geval van bylae 8, waar elke koste-item as 'n persentasie weergegee is van die totaal van elke item van die verskillende tydperke, die syfers vir 1956/57 slegs 'n tydperk van 8 maande is en dus nie vir vergelykingsdoeleindes gebruik kan word nie.

Salarisse, soos reeds aangedui, is die belangrikste koste-item en volgens bylae 7 het dit gestyg van 12.4% in 1953/54 tot 21.4% in 1957/58, dus met 9%. Die vraag of die styging geregverdig is in verhoogde inkomste en doeltreffendheid, doen hom nou voor. Hierop kan slegs gedeeltelik geantwoord word as ons die aantal sakke mielies neem wat meer ontvang is vir die ooreenstemmende seisoene, naamlik 3,446,000 sakke, volgens tabel 2. Inkomste uit mielies het vir die ooreenstemmende seisoene met £156,768 gestyg terwyl die salarisse met £90,364 gestyg het. Die inkomste uit mielies het met 4.9% (Tabel 19) gestyg vanaf die 1953/54-oes tot 1957/58-oes, terwyl salarisse met 9%, of byna dubbeld soveel, gestyg het.

Die verhoging in salarisse is dus nie geregverdig deur die styging van inkomste nie. In hoeverre die doeltreffendheid verhoog is kan moeilik bepaal word en daar kan slegs na hoofstuk 2 verwys word waar die doeltreffendheid van arbeid bespreek is.

/Tabel.....

Tabel 19.

Inkomste uit mielies as 'n persentasie van die totale inkomste.

Seisoen	%
1957/58	21.4
1956/57	16.1
1955/56	19.3
1954/55	26.7
1953/54	16.5
	100.

Lone het min of meer konstant gebly, een van die weinige koste-items wat wel konstant gebly het en dit kan slegs aan voldoende beheer toegeskryf word. Of die arbeid so doeltreffend gebruik word, kan nie bepaal word nie maar dat die wisseling gering is, is werd om aandag aan te gee.

Bokseilonkoste wissel geweldig, van so laag as 2.5 in 1958/59 tot so hoog as 21.7% in 1954/55. Aangesien bokseilonkoste waardevermindering insluit, wil dit voorkom asof die metode van waardering nie altyd die ware toedrag van sake weerspieël nie.

Dit wil verder ook voorkom asof hier 'n soort van geheime reserwe geskep is deur die uiters lae waardering van bokseile in een jaar en dan in 'n ander jaar weer hoër waardasie. Dit bring eintlik mee dat waardevermindering wat in voorgaande jare belas is, in 'n latere tydperk weer in rekening gebring word as 'n „indirekte inkomste". Dat bokseilonkoste in 1954/55 hoër is as in ander jare, kan begryp word as in ag geneem word dat vir die ooreenstemmende seisoen, die mielies die langste geberg was en 'n groter aantal buite geberg moes word waarvoor seile as beskermmiddel gebruik moes word. Die lae persentasie in 1958/59 kan deels toegeskryf word aan die mindere gebruik van seile omdat minder mielies ontvang is vir die 1958/59-seisoen as vir die 1954/55-seisoen (6,660,000 teen 7,904,000 sakke) en vir 'n korter tydperk opgeberg is en /daar...

daar dus ook minder sakke buite gepak moes word.

Rente wat in die Graanafdeling se inkomste- en uitgawe-rekening getoon word, is die deel van rente wat aan die afdeling toegedeel is op die basis van fondse bestee in elke afdeling. Die styging is merkwaardig, naamlik van 4.8% in 1953/54 tot 10.6% in 1958/59, volgens bylae 6. Dit is 'n styging van byna 6% en gee 'n idee van hoeveel meer belê is in bates, wat meegebring word deur uitbreiding. By koöperasies vind ons hierdie strewe na uitbreiding in 'n besondere mate. (Dr. Coetzee, 1957; 84). Die uitbreiding geskied hoofsaaklik met geleende geld in die vorm van lenings wat van die Landbank verkry word waarop natuurlik rente betaal moet word. Indien die tempo van uitbreiding heelwat afneem, kan die rentelas in later jare verlig word namate die lenings afgelos word.

Waardevermindering toon 'n styging van bykans 3% vanaf 1953/54 tot 1958/59. Hier geld ook die verklaring, naamlik uitbreiding, meer bates word aangekoop en dus moet die waardevermindering dienooreenkomstig hoër wees.

Bankkoste is 'n wisselende koste-item omdat dit afhang van die aantal sakke mielies wat ontvang word. Indien meer mielies ontvang word, moet meer geld op die Landbank getrek word waarop kommissie betaal moet word vir oorplasing vanaf die naaste Landbanktak na Klerksdorp. Omdat tjeks betaalbaar is teen pari waar dit ook al deur die produsent gewissel word en die kommissie deur Sentraal-Wes gedra word, sal die bankkoste dus ook hoër wees as meer mielies ontvang word en dus meer uitbetaal moet word.

Hyseronkoste toon ook skommeling van jaar tot jaar, maar toon 'n definitiewe styging volgens bylae 7. Die enigste verklaring moet gesoek word in die feit dat meer geld belê is in hysers as in elke voorgaande jaar en die styging deels

/aan die....

aan die stygende waardevermindering toegeskryf kan word omdat hyseronkoste waardevermindering insluit.

Net soos bankkoste, sal assuransies ook skommeling toon as gevolg van die skommeling in die grootte oeste wat ontvang word en minder of meer voorrade verassureer moet word.

Die koste van onderhoud van bates toon ook variasies en styg ook volgens bylae 7.

Die oorsaak kan gesoek word in die feit dat bates, veral geboue in die eerste paar jaar van die oorsig, nie doeltreffend genoeg in stand gehou was nie en die grootste gedeelte van dié koste in enkele jare aangegaan moes word.

Die beleid van Sentraal-Wes is om pakpale af te skryf in die jaar waarin dit aangekoop is en die koste sal varieer met die bedrag van aankope in elke jaar wat bepaal sal word deur die behoefte aan pakpale na gelang van die aantal sakke wat ontvang word.

In 1958/59 was dié koste-iten baie laer as in enigeen van die voorgaande jare. In daardie jaar is min pakpale aangekoop omdat die mielie-oes soveel kleiner was (sien die vergelyking onder die bespreking van bokseilonkoste) en die besparing wat die bestuur hulle ten doel gestel het omdat bekend was aan die begin van die jaar dat die inkomste laer sou wees as gevolg van die kleiner mielie-oes wat ontvang is.

Depot algemene onkoste sluit 'n groot verskeidenheid van kleinere uitgawes in wat nie teén ander onkoste gedebiteer kan word nie. Die koste-iten toon 'n daling omdat seëls en telegramme wat voorheen hierby ingesluit is, nou onder seëls en telegramme getoon word.

Reiskoste is hoofsaaklik dié van inspekteurs en ook van depotbestuurders wat geld moet gaan bank op dorpe waar banke is omdat nie by alle depots takkantore van handelsbanke is nie.

/Volgens.....

Volgens bylae C toon die koste ook 'n styging, maar dit is gering.

c. Hoofkantoor administrasiekoste. (sien hieronder).

2. Toekomsbeleid en enkele aanbevelings.

Volgens bylaes 6 en 7 waar die soorte koste as persentasies uitgedruk is, is dit duidelik dat die meeste koste-items varieer van jaar tot jaar en in die meeste gevalle styg. Die styging volg geen vaste patroon nie en ons kom tot die slotsom dat die koste nie begroot of beheer word nie. Indien die koste begroot word, sal beheer feitlik outomaties geskied en sal die gevolg 'n hoër netto inkomste wees.

'n Beleid van begroting en beheer van koste is dus noodsaaklik. Die begroting kan opgestel word net gegewens van die verlede as 'n handleiding en die toekoms as bepalende faktor, wat ons insiens, heeltemal moontlik is vir Sentraal-Wes met die bekwame personeel wat aan die hoof van sake staan.

Daar kan aanbeveel word dat 'n veranderlike begroting opgestel moet vir alle koste volgens die aktiwiteit van die aantal sakke hanteer. Hieruit kan dan voort vloei die invoering van 'n standaardkostesisteen op 'n kostebeheer-organisasie wat uiters wenslik is ten einde beheer oor koste te kry.

Net so belangrik as die voorgaande, sal 'n organisasie-en metodestudie wees, waarin alle aspekte van die organisasie en die metodes bestudeer en ontleed word, omdat koste buite alle verhouding is soos bewys.

c. Hoofkantoor administrasiekoste.

Hierdie koste word aangetoon in bylae 11 en word by wyse van persentasies vergelyk in bylae 13 en 14. Hierdie koste word in die saangevatte inkomste- en uitgawerekening van Sentraal-Wes getoon.

/Hier.....

Hier sal net die belangrikste koste-items bespreek word. By bestudering van bylae 13 en 14, waar die koste as persentasies aangetoon is, vind ons dat feitlik alle kostes gestyg het vanaf 1953/54 tot 1958/59.

Salarisse het met 8.7% gestyg vanaf die tydperke soos hierbo aangedui, en is verreweg die belangrikste koste (66.6% van die totaal vir die volle tydperk bylae 7c)

Die enigste voor die hand liggende verklaring is uitbreiding en miskien ook tot 'n mate die algemene styging in salarisse. Of arbeid doeltreffend is en doeltreffend gebruik word, is egter 'n ope vraag.

Lone het meer as verdubbel oor die tydperke aangedui en ook hier is die oorsake nie so bekend nie. Hierdie lone word betaal aan naturelle vir die skoonmaak van die hoofkantoorgebou en as in ag geneem word dat die hoofkantoorruimte met een-derde vergroot is, en dus meer naturelle indiens geneem moes word, verklaar dit nog nie die styging ten volle nie.

Vir die styging van assuransie met 32.1% is die oorsaak te vinde in die beleid van die maatskappy deur dat meer polisse geneem is vir sekere versekerings wat voorheen nie bestaan het nie, soos bv. ongevalleversekering vir senior amptenare, publieke aanspreeklikheid en slegte skulde. Dat die algemene koste met 30.7% gestyg het kan slegs verkhar word deur die feit dat die koste nie beheer en ontleed word nie. Dat dit sou styg, is seker, maar so geweldig, is te onverantwoord. Ook skryfbehoftes en drukwerk toon 'n hoë styging, 18.5% waarvoor 'n verklaring moeilik te vinde is.

Eiendomsbelasting moes noodwendig styg omdat die hoofkantoorgeboue vergroot is en hoër munisipale waardasie van eiendomme tot gevolg gehad het.

Personeelreiskoste het gestyg omdat meer interne ouditeure

/aangestel.....

aangestel is sedert 1957/58 in die feit dat aan meer van die hoofamptenare maatskappyvoertuie tot hulle beskikking gestel het. In die koste is die waardevermindering van die voertuie ingesluit en dit is 'n verdere verklaring vir die styging.

Die enigste verklaring waarom waardevermindering vir die 1956/57-finansiële jaar so hoog was, is omdat dit nie soos in die betrokke koste-items nie. Die daling is toe te skryf aan 'n beter en vollediger toedeling aan die koste waarop dit betrekking het.

Of die algemene styging in die uitgawes geregverdig was in doeltreffendheid en verhoging van inkomste, is 'n vraag waarop moeilik 'n antwoord verskaf kan word. Volgens die ontleding en toedeling aan koste wat in die vorige-hoofstuk gemaak is, kom dit voor dat die styging in koste nie in ooreenstemming is met die verhoging in inkomste nie en miskien ook nie in doeltreffendheid nie.

d. 'n Algemene beskouing van inkomste en uitgawes van mielies.

Ten einde 'n meer globale beskouing van inkomste en uitgawes van mielies te kry is kumulatiewe frekwensiekronne vir die bruto inkomste uit mielies asook vir die koste gerek en word u verwys na bylae 22 en 23. Op 'n kumulatiewe basis kan gesien word dat die area 'n groot ooreenkoms met die koste struktuur toon, byna 'n reguit lyn. M.a.v., dit koste soos toegededeel kan vergelyk word op die basis van sakke (omdat ook die kumulatiewe kostekronne, byna 'n reguit lyn is - bylae 23.)

Bylae 24 toon die bruto inkomstekronne vir elke mielie-oes en is verder toegelig deur bylae 25 wat 'n skematiese voorstelling van die bruto inkomste vir elke oes gee wat aandui dat die verskil tussen die hoogste en laagste inkomste £632,000 was en die verskil tussen die grootste en kleinste oes

/3,446,000..

3,446,000 sakke was.

Uit bostaande bespreking is dit duidelik dat oorweging gegee moet word aan die konsolidasie van die posisie van Sentraal-Wes. Uitbreiding moet in die toekoms gestadig geskied met volle inagneming van die invloed op koste.

3. Samevatting.

Volgens die otliding van die koste, is dit opmerklik dat dit skommelinge oor die verskillende tydperke toon en oor die jare die koste die meeste styg wat deels aan uitbreiding en deels aan onvoldoende beheer toegeskryf kan word. Sommige koste soos bankkoste en assurances, kan egter nie ten volle beheer word nie omdat dit varieer met die aantal sakke wat ontvang word gedurende elke seisoen. 'n Beleid van begroting en beheer van koste word aan die hand gedoen en ten slotte die konsolidering van die posisie van Sentraal-Wes met betrekking tot uitbreiding.

Hoofstuk 5.

Algemene samevatting.

Faktore by die opberging van mielies.

a. Die grootte van die oes wat ontvang sal word.

Die aantal sakke mielies wat ontvang sal word gedurende 'n sekere seisoen, hang af van faktore waaroor die koöperasie geen beheer kan uitoefen nie. Die faktore is onder andere klimaatstoestande, die gebruik van wetenskaplike hulpmiddels en die hoër opbrengs per morg wat deels deur meganisering verhoog kan word en die gebruik van bastersaad en mineraalstowwe.

b. Faktore by die ontvangs van mielies.

Ontvangs van mielies moet so doeltreffend en so spoedig moontlik geskied om tevredenheid aan die lede van die koöperasie te verskaf deur genoeg depots daar te stel, beman deur bekwame en betroubare personeel. Daar moet egter gewaak word teen die oprigting van te veel depots omdat die koste daaraan verbonde nie altyd die voordeel wat behaal kan word, regverdig nie.

c. Faktore by die Opberging van mielies.

Wanneer die mielies ontvang en in stapels gepak is, moet dit so goed moontlik bewaar en beskerm word teen insekte, knaagdiere en natuurkragte totdat dit verspoor of versend word.

Omdat alle mielies nie altyd in skure gepak kan word nie, is 'n vergelyking gemaak van die koste verbonde aan opberging in skure en opberging onder seile en is tot die gevolgtrekking gekom dat die koste verbonde aan opberging in skure laer is. Dit vereis egter groter kapitaal-investering en as gevolg van die kapitaaltekort wat koöperasies ondervind en die wisseling van die opbrengs van jaar tot jaar, word nog tot groot mate van die opberging onder seile gebruik gemaak.

d. Faktore by die versporing.

Die versporing of versending is die laaste funksie wat die

/Agent.....

Agent moet vervul om die bepalinge van die ooreenkoms na te kom. Hierdie funksie is belangrik omdat die koste daaraan verbonde hoog is deurdat elke sak meer kere hanteer moet word as by die ontvangs daarvan. Verder moet versending ook geskied volgens die bepalinge van die Agentskap-ooreenkoms, anders kan boetes opgelê word bywyse van die terughouding van die vergoeding wat betaal moes word, of die oplegging van 'n spesifieke boete per sak soos aangedui in die besondere hoofstuk.

e. Ander faktore by die opberging van mielies.

Daar bestaan 'n leemte deurdat die koste nie toegedeel word aan mielies nie soos byvoorbeeld salarisse, lone, ens. wat die belangriker koste-items verteenwoordig. Sulke koste behoort in verbandgebring te word met die eenhede ontvang ten einde beter gegewens te verkry ten einde vergelykings tussen jare te kan tref.

f. Vergoeding wat verdien kan word.

Sekere vergoeding word deur die Raad aan die Agent betaal vir die ontvangs, hantering en opberging van die mielies. Die vernaamste vergoedings wat betaal word is:

- (a) hanteringsvergoeding op sakke in-en uithanteer.
- (b) opbergingsvergoeding gebaseer op die kalendermaand wat elke sak opgeberg is met 'n sekere tarief vir die eerste $3\frac{1}{2}$ maande, 'n ander tarief tot die einde van die ontvangs-seisoen en 'n afgespreekte tarief daarna; en
- (c) 'n spesiale vergoeding vir buitestapelings wat betaal word, maar nie uit hoofde van die ooreenkoms nie.

2. Ontleding van state.

Die state van die verskillende opeenvolgende jare, soos aangegee in die skedules, is ontleed en toegedeel ten einde 'n koste, in pennies, per sak te bepaal. Daar is van die standpunt uitgegaan dat mielies die hoofproduk is en die inkomste van ander graan en uit ander afdelings is beskou as

/newe-produkte...

newe-produkte. Laasgenoemde inkomstes dien slegs om die koste verbonde aan mielies te verminder. Met bogenoemde as uitgangspunt, is die koste van mielies bepaal vir elke seisoen deur die koste wat oorbly, na aftrekking van die inkomste uit die ander graan en afdelings, aan elke seisoen toe te deel volgens die markprys-metode om die koste per sak vir elke seisoen te bepaal.

3. Enkele beskouings en toekomsbeleid.

Ten slotte is 'n beskouing van die koste gegee deur elke koste-item as 'n persentasie van die totaal van die jaar uit te druk en as 'n persentasie van die totaal van elke koste-item vir die vyf jaar en agt maande volgens bylaes 7 en 8. Uit bostaande is 'n beleid van kostebegroting en -beheer en die konsolidasie van die posisie van Sentraal-Wes aanbeveel.

Onsoming in Engels.

The ascertaining of the break-even point in the storage of mealies by cooperative societies with special reference to the Sentraal-Westelike Koöperatiewe Maatskappy Bepenk.

Since 1937, when Act No. 59 of 1935, came into effect, control boards were established, inter alia the Mealie Industry Control Board, for the control of certain produce. By virtue of this act, the buying and selling of mealies are vested solely in the hands of the Mealie Industry Control Board. The Board is entitled to appoint agents, who on their behalf buy the mealies from the producer and store it until instructions are given to rail it to a named buyer.

Cooperative societies are normally appointed as agents for the Mealie Industry Control Board.

As an agent, the cooperative society is entitled to a remuneration to meet costs and to make some profit on the handling and storing of mealies.

There are certain factors with a predominant influence on the remuneration that can be earned as well as on costs.

The amount of remuneration that can be earned, depends almost entirely upon the number of bags handled and the time for which it was stored, as remuneration is paid a certain rate per bag handled and the storage remuneration is paid at a certain rate per bag for each calender month it was stored.

As the agent cannot influence the number of bags to be handled by reason of its limited area and seasonal fluctuations in production, it cannot increase the amount of remuneration earned. Attention should, therefore, be focussed on the control of costs by means of a variable budget based on activity; that is the number of bags handled.

To ascertain the break-even point for the Sentraal-Westelike
/Koöperatiewe....


Koöperatiewe Maatskappy, Beperk, the final accounts, covering a period of five years and eight months, were analysed. As no proper cost accounting records were kept, costs had to be apportioned on a predetermined basis. In comparing the turnover, it was found that the turnover of mealies represented more or less 75% of the total turnover of the mentioned agent. It can therefore, be assumed that mealies, are virtually the principle product of the mentioned company. Income out of other products and departments were considered to be income out of by-products and were deducted from the total costs. The balance of the remaining costs were allocated to the various mealie crops on the market price method. With the amount of costs for each crop known, it was possible to ascertain the cost for each bag received. This enabled the comparison of costs for the various crops handled. The comparison of costs showed clearly that costs were not even budgeted and not at all controlled. The calculation of the cost per bag handled for each season as well as the remuneration earned, enabled the ascertaining of the break-even point of mealie storage.

The above information to hand, entitled one to recommend the application of a proper cost accounting system with a variable budget based on activity as starting point. As experience is gained, standard costs can be built up to measure efficiency.

Furthermore, the results of the analysis, call for the consolidation of the company mentioned, limiting the present trend of expansion as shown by the final accounts as further expansion might influence the break-even point adversely.

Bylae 1.

Die gebied van Sentraal-Wes.



///
Die gebied van Sentraal - Wes.

(Geregistreer kragtens die Wet op Kooperatiewe Verenigings 1939).

Balansstaat op 31 Januarie 1959.

<u>AANDELE KAPITAAL</u>	58,633	<u>VASTE RATES</u>	2,267,762
Uitgereik	£ 393,685	Teen kosprys min waarde- vermindering	
393,685 Aandele van £1 elk			
<u>Opbetaal</u>		<u>AANDELBESITTINGE</u>	49,251
21,405 Aandele Volopbetaal	21,405	Nominale Waarde	71,153
372,280 Aandele, 2/- per Aandeel Opbetaal	37,228	Min: Onopgeroep	21,902
<u>RESERWES EN VOORSIENINGS</u>	746,305	<u>BEDRYFSBATES</u>	3,216,574
<u>Algemene Reserwe</u>	216,305	Voorraad voorhande en in transito	
<u>Reserwe vir Toevallighede</u>	300,000	Min: Voorsiening vir waarde- vermindering	1,555,580
<u>Voorsiening vir Hernuwing en Verplasing van Kapitale Bates.</u>	30,000	<u>Diverse Debiteure</u>	1,728,513
<u>Reserwe vir Administrasiegelykstelling</u>	200,000	Min: Voorsiening vir Twyfel- agtige Skulde	70,000
<u>TOTALE KAPITAAL EN RESERWES</u>	804,938	<u>Kontant</u>	11,558
<u>HEFFINGFONDS</u>	300,290	Op Hande en in transito	57,278
Ingevolge Regulasie 76		In Bank	8,645
<u>LEDEHEFFINGFONDS</u>	791,428	Op Deposito	77,481
Ingevolge Regulasie 78A		<u>ONAFGEHANDELE</u>	4,511,268
<u>LAND- EN LANDBOUBANK VAN SUID-AFRIKA</u>	6,816,214	Betalings ten behoeve van Beheer- rade en andere t.o.v. produkte; terugbetaalbaar een lewering daarvan en inkomste en uitgawe daarop in afwagting	
Gedek deur hipoteek op sekere Vaste- en Bedryfsbates in die Unie van Suid-Afrika		<u>AANTEKENINGE</u>	
Vestelening	884,877	1. Die onopbetaalde kapitaal is as volg sedeer as kollaterale sekuriteit vir teensvoordige en toekomstige lenings:	
Seisoenslenings	5,931,337	(a) Unie Aandele aan die Land- en Landbou- bank van Suid-Afrika	
<u>LAND- EN LANDBOUBANK VAN SUIDWES-AFRIKA</u>	133,430	(b) Suidwes-Afrika Aandele aan die Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika.	
Gedek deur hipoteek op sekere Vaste- en Bedryfsbates in Suidwes-Afrika		2. Daar is Voorwaardelike Aanspreeklikheid van £2,417,3.1. ten opsigte van Huurkoop- kontrakte verdiskonteer.	
Vestelening	58,187		
Oeslening	75,243		
<u>DIVERSE KREDITURE EN VOORSIENINGS</u>	799,938		
<u>OORTROKKE BANKREKENINGE</u>	398,617		
	£10,044,855		£10,044,855

Sertifikaat aangeheg.

KLERKSDORP.

STEWART, STEYN EN KIE.

30 April 1959.

OUDITEURE.

Bylae 2 vervolg:-

SENTRAA L WESTELIKE KOOPERATIEWE MAATSKAPPY BEPERK.

(Geregistreer kragtens die Wet op Kooperatiewe Verenigings 1922.)

AANWENDINGSREKENING VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 JANUARIE 1959.

Lede Boeteverpligtinge terugbetaal	358	Ontvang op Verbeurdv erklaaarde Aandele	1,069
<u>Min: Boeteverpligtinge ontvang</u>	250	Bydrae tot Heffingsreserwe	1,049
Verlies op Bates verkoop	807		
Oorgedra na Algemene Reserwe	1,203		
	<u>£2,118</u>		<u>£ 2,118</u>
Aanwendings deur die Raad aanbeveel en nog op die Jaarlikse Algemene Vergadering bekragtig te w ord:		Netto Surplus vir die jaar.	<u>52,868</u>
<u>Voorsiening vir:</u>	43,554		
Diwidende aan lede teen 8%	4,550		
Waardevermindering van Voorraad	10,000		
Twyfelagtige Skulde	12,700		
Jonus aan Direkteure	8,450		
Hernuwing en Verplasing van Kapitale Bates	7,554		
S.A.L.U. Opvoedingsfonds	300		
<u>Oordrag na Algemene Reserwe</u>	9,314		
	<u>£52,868</u>	Sertifikaat aangeheg	<u>£52,868</u>

STEWART, STEYN EN KIE.


ODITEURE.

KLERKS DORP

30 April 1959.

Bylae 2.

Vergelyking van die Koste verbonde aan opberging (Skure en onder Seile)



Skaal : X as : 1" = 20,000 sakke
 Y as : 1" = £1,000

In Skure
 Onder Seile
 Kapasiteit van een skuur
 475
 Kapasiteit van een Seil.

38,000 sakke
 475 "

Aantal Sakke.

Totale Koste (£) •

VERGELYKENDE STAAT VAN DIE GRAANAFDELING-INKOMSTE VIR DIE TYDPERKE AANGEDUI.

	1 Feb. 1958 tot 31 Jan 1959	1 Feb. 1957 tot 31 Jan. 1958	1 Juniel 1956 tot 31 Jan. 1957	1 Juniel 1955 tot 31 Mei 1955	1 Juniel 1954 tot 31 Mei 1954	1 Juniel 1953 tot 1 Mei 1954	Totaal	% van Totaal
Mielies 1958/59	382,532						382,532	7.7
1957/58	170,011	530,613					700,624	14.2
1956/57	14,187	100,000	410,000				527,187	10.7
1955/56	1,603	18,149	52,003	3,000			632,455	12.8
1954/55			10791	177,700	700		876,608	17.9
1953/54				1,748	685,117	3,000	876,608	17.9
1952/53					83,000	459,108	543,856	11.0
						657		-
Totale inkomste uit mielies	568,333	648,762	472,794	742,448	768,817	462,765	3,663,919	74.3%
Koring en Wintergraan	106,228	140,099	70,773	126,037	83,693	95,099	621,929	12.6
Sonneblom	37,165	50,207	26,000	16,612	32,012	34,147	196,143	4.0
Grondbone	36,453	32,294	14,999	52,521	40,829	37,000	214,096	4.3
Kafferkring	20,000	32,500	-	2,004	15,335	-	69,839	1.4
Ondergraad en allerlei Graan.	1,296	1,423	756	1,031	2,858	2,557	9,921	.2
Totale inkomste uit alle Graan.	769,475	905,285	585,322	940,653	943,544	631,568	4,775,847	96.8
Graansakke en Seilgare	20,225	16,252	17,323	17,578	7,914	24,903	104,195	2.12
Berokingsvergoeding	2,128						2,128	.05
Huur	6,124	5,673	3,052	4,418	3,897	3,507	26,671	.55
Kommissie	1,664	1,552	90	3,919	1,249	2,237	10,711	.22
Rente	1,879	114	3,142	172	104	7.8	6,129	.12
Drooggoonfooie		16,55	3,972				5,627	.11
Diverse inkomste	55	96	73				224	.01
Totaal van ander Inkomste	32,075	25,342	27,652	26,087	13,164	31,365	155,685	3.2
Totale inkomste	801,550	930,627	612,974	966,740	956,708	662,933	4,931,532	100.

VERGELYKENDE STAAT VAN GRAANAFDELING - UITGAVES VIR DIE TYDPERKE AANGEDUI.

	1 Feb. 1958 tot 31 Jan. 1959	1 Junie 1957 tot 31 Jan. 1958	1 Junie 1956 tot 31 Mei 1957	1 Junie 1955 tot 31 Mei 1956	1 Junie 1954 tot 31 Mei 1955	1 Junie 1953 tot 31 Mei 1954	Totaal %
(8 Maande)							
<u>Salarisse en Pensioenbydrae.</u>	208,209	213,745	123,068	173,167	149,446	123,381	991,016
<u>Lone</u>	170,135	192,747	122,710	185,578	156,360	113,862	941,402
Assuransies	18,462	15,271	13,725	28,960	23,379	12,027	111,824
Affiliasiefooie Donasies en Advertensies	1,028	966	610	930	1,269	757	5,560
Bankkoste	24,089	32,053	21,913	25,086	26,829	21,514	151,484
Bokseiloonkoste	15,828	74,681	56,232	95,970	133,088	51,686	427,485
Berokingsonkoste	-	2,370	7,381	14,391	3,868	-	28,510
Depot Algemene Onkoste	5,109	4,995	4,622	7,785	7,852	7,078	37,441
Depot water, lig ens.	2,158	1,412	892	1,540	1,285	1,258	8,545
Eiendomsbelasting	3,590	3,289	2,139	2,442	2,342	2,226	16,028
Geregtelike Onkoste	291	133	31	281	44	13	793
Graderingskursusfooie	215	192	93	94	264	-	858
Huur	4,223	5,206	3,457	4,802	4,772	3,165	22,625
Hyseronkoste	31,071	30,247	15,406	24,422	20,501	17,736	139,383
Onderhoudskoste, Eiendomme, geboue en Uitrusting	14,737	27,431	4,474	6,123	8,021	11,679	72,465
Pakpaalonkoste	1,309	10,742	6,030	17,243	19,860	12,198	67,382
Reiskoste	11,182	11,977	3,064	4,713	4,438	3,924	39,288
Skryfbehoeftes	486	9,949	3,708	540	762	725	16,170
Sylynkoste	911	711	843	859	959	632	14,692
Sells Telefoon en Telegramme	895	991	756	1,057	1,013	933	5,645
Werktuigkundige Onkoste	2,086	6,982	4,000	3,150	728	-	16,946
Kleinbates afgeskryf	516,014	646,670	394,854	599,133	567,080	384,794	3,108,545
Waardevermindering	1,233	2,801	809	1,522	-	-	6,365
Droogoondonkoste	42,058	46,164	22,704	27,468	17,862	6,027	172,283
	3,119	-	2,617	-	-	-	5,736
<u>Rente</u>	562,424	695,635	420,984	628,123	584,942	400,821	3,292,929
	66,814	53,466	29,372	36,876	28,291	20,400	235,219
Surplus oorgedra na Saamgevatte Inkomste- en Uitgawerekening.	629,238	749,101	450,356	664,999	613,233	421,221	3,528,148
	172,312	181,526	162,618	301,741	343,475	241,712	1,403,384
£	801,550	930,627	612,974	966,740	956,708	662,933	4,931,532

STAAT VAN DIE DIVERSE ITEMS VIR DIE TYPERKE AANGEDUI.

	1 Feb. 1958 tot 31 Jan. 1959	1 Feb. 1957 tot 31 Jan 1958	1 Junie 1956 tot 31 Jan. 1957 (8 Merande)	1 Junie 1955 tot 31 Mei 1956	1 Junie 1954 tot 31 Mei 1955	1 Junie 1953 tot 31 Mei 1954	TOTAAL
1. Onderhoudskoste-Graanaafdeling							
Eiendomme	6,628	4,003	594	836	1,355	554	13,970
Geboue	5,028	21,900	3,568	4,646	5,661	9,997	51,800
Depotuitrusting	1,800	1,393	247	475	967	1,039	5,921
Hoofkantooruitrusting	281	135	65	166	38	89	774
£	14,737	27,431	4,474	6,123	8,021	11,679	72,465
2. Waardevermindering-Graanaafdeling							
Geboue	27,611	32,225	15,990	19,889	13,104	12,086	120,905
Depotuitrusting	4,546	4,598	2,774	4,011	2,884	2,120	20,933
Windpomp Boorgate en Omheining	3,475	3,107	1,595	1,892	564	413	11,046
Weegbrde	4,782	4,634	2,115	1,380	1,146	1,145	15,202
Hoofkantoormasjiene	1,644	1,600	230	296	164	263	4,197
£	42,058	46,164	22,704	27,468	17,862	16,027	172,283
3. Hoofkantoor, Administrasiekoste							
	209,215	191,203	123,829	148,484	139,407	115,415	927,553
4. Netto Surplus.							
	52,869	114,486	124,440	176,017	258,640	176,387	902,839
5. Hoofkantoor, Inkomste.							
Graan	172,312	181,526	162,618	301,741	343,475	241,712	1,403,384
Handel	83,012	91,630	60,733	36,319	37,142	27,483	336,319
Saadskoonmaak	13,749	13,197	7,452	5,605	5,736	550	35,079
Meule	11,040	Dt	4,480	449	Dt	13,472	17,913
Nywerhede	26,229	18,153	12,619	6,065	9,079	6,587	14,144
Assuransie	6,472	9,297	400	4,459			10,910
S.W.A. Meule	722						722
Diverse	1,006	2,276	767	2,121	3,753	1,998	11,921
Min: Graanaafdeling, Inkomste	262,084	305,689	248,269	324,501	398,047	291,802	1,330,392
Inkomste van ander afdelings.	172,312	181,526	162,618	301,741	343,475	241,712	1,403,384
	89,772	124,163	85,651	22,760	54,572	50,090	427,008

UITGAWES VAN GRAANAFFDELING EN HOOFKANTOOR ADMINISTRASIEKOSTE VERMINDER MET INKOMSTE ANDER DAN UIT MIELIES.

	1958/59 £	1957/58 £	1956/57 (8 maande) £	1955/56 £	1954/55 £	1953/54 £	TOTAAL £
(1) <u>Uitgaves.</u>							
(a) Graanafdeling volgens bylae 5.	629,238	749,101	450,356	664,999	613,233	421,221	3,528,148
(b) Hoofkantoor, Administrasiekoste volgens bylae 6.	209,215	191,203	123,829	148,484	139,407	115,415	927,553
(c) <u>Min:</u> Inkomste van Ander Bromme, (sien hieronder).	838,453	940,304	574,185	813,483	752,640	536,636	4,455,701
(d) Uitgaves toegeedeel aan mieslies (Blocker 1954 ; 275)	322,989	406,028	225,831	247,052	242,463	250,258	1,694,621
£ 515,464	534,276	348,354	566,431	510,177	286,378		2,761,080
(2) <u>Ander Inkomste.</u>							
Koring en Wintergraan	106,228	140,099	70,773	126,037	83,693	95,099	621,929
Grondbone en Sonneblom	73,618	82,501	40,999	69,133	72,841	71,147	410,239
Kafferkring en ander Graan	21,296	33,923	756	3,035	18,193	2,557	79,760
Ander Inkomste van Graanafdeling bylae 4.	32,075	25,342	27,652	26,087	13,164	31,365	155,685
Totale Inkomste van Graanafdeling behalwe mieslies.	233,217	281,865	146,180	224,292	187,891	200,168	1,267,613
Ander Inkomste van Hoofkantoor	89,772	124,163	85,651	22,760	54,572	50,090	427,008
£ 322,989	406,028	225,831	247,052	242,463	250,258		1,694,621
Inkomste uit Mielies	568,333	648,762	472,794	742,448	768,817	462,765	3,663,919
<u>Min:</u> Uitgaves Toegeedeel (sien 1(d) hierbo)	515,464	534,276	348,354	566,431	510,177	286,378	2,761,080
Surplus	£ 52,869	114,486	124,440	176,017	258,640	176,387	902,839
Deelkoste toe aan verskeie oeste (mieslies) op "markprys" -basis-teneinde die totale koste vir elke oes te kry.	346,947	436,976	302,088	2,288			346,947
	154,196	82,354	38,315	427,237	465		591,172
	12,867	14,946	7,951	135,571	454,634	1,856	399,597
	1,454	-	-	1,335	55,078	284,115	482,417
	-	-	-	-	-	407	600,012
	-	-	-	-	-	-	340,528
	-	-	-	-	-	-	407
£ 515,464	534,276	348,354	560,431	510,177	286,378		2,761,080

Bylae 10.

Totale koste volgens bylae 5 goegedeel aan elke sak mielies ontvang.

Seisoen	Sakke Ontvang	Kostetoogedeel	Koste per sak.	Inkomste	Inkomste per sak
	.000	£	pennies	£	pennies.
57/58	9,566	591,172	14.83182	700,624	17.57778
56/57	7,072	399,597	13.56098	527,187	17.89096
55/56	7,199	482,417	16.08280	632,455	21.08476
54/55	7,904	600,012	18.21898	876,608	26.61765
53/54	6,120	340,528	13.35403	543,858	21.32768
				(X)	
	37,862	2,413,726	(X) 15.30014	3,280,730	20.79592
			(-) 15.20972	(X)	(X)
					(-)20.89976

Nota n (1) 1958/59-seisoen word nie in berekening gebring omdat dit nog nie afgehandel is nie.

(2) 1957/58-seisoen mielies was, vir behalwe ongeveer 87,975 sakké, nog nie afgehandel nie.

(3) Inkomste - dit is die balans na aftrekking van alle kostes op die mieliehandelsrekening.

(X) Berekende gemiddelde.

(-) R. Gemiddelde.

Uitgawes volgens die saamgevatte Inkomste-en Uitgawerekening (Hoofkantoor, Administrasiekoste.)

	1 Feb. 1958	1 Feb. 1957	1 Junie 1956	1 Junie 1955	1 Junie 1954	1 Junie 1953	TOTAAL
	tot	tot	tot	tot	tot	tot	
	31 Jan. 1959	31 Jan. 1958	31 Mei 1957	31 Mei 1956	31 Mei 1955	31 Mei 1954	
	£	£	£	£	£	£	£
Salariesse	136,829	129,394	74,633	100,159	94,300	82,644	617,959
Lone	3,725	3,762	2,270	2,632	2,232	1,822	16,443
Assuransies	9,736	6,303	3,202	5,195	1,850	994	27,280
Advertensies	257	230	-	-	-	-	487
Algemene Koste	15,835	10,955	5,760	4,980	7,201	1,616	46,347
Bankkoste	259	381	214	325	195	136	1,510
Skryfbehoeftes	11,990	5,847	4,631	5,291	6,237	4,784	38,790
Donasies	50	250	200	200	353	250	1,303
Eiendomsbelasting	197	804	600	556	354	389	3,500
Geregtelike onkoste	34	575	42	572	-	-	1,223
Onderhoudskoste	3,115	2,058	845	1,386	756	1,848	10,008
Ouditursfooie	4,572	5,000	4,500	4,500	4,500	4,000	27,072
Reiskoste: Direkteure	7,162	5,791	5,387	7,542	7,183	6,765	39,830
Personeel	6,881	6,518	5,221	3,349	3,324	2,804	28,097
Telefoon, ens.	3,575	3,582	2,423	2,967	2,914	2,591	18,052
Water, ens.	1,137	1,277	517	592	584	513	4,620
Slegte Skuld	-	2,415	671	1,334	2,395	-	6,815
Kleinbates afgeskryf	157	1,131	961	1,318	-	-	3,567
Waardevermindering	3,104	4,930	11,752	5,586	5,029	4,249	34,650
Netto Surplus	209,215	191,203	123,829	148,484	139,407	115,415	927,553
	52,869	114,486	124,440	176,017	258,640	176,387	902,839
	£262,084	305,689	248,269	324,501	598,047	291,802	1,830,392

Inkomste volgens die saamgevatte Inkomste-en Uitgawerekening.

	1 Feb. 1958	1 Feb. 1957	1 Junie 1956	1 Junie 1955	1 Junie 1954	1 Junie 1953	TOTAAL
	tot	tot	tot	tot	tot	tot	
	31 Jan. 1959	31 Jan. 1958	31 Jan. 1957	31 Mei 1956	31 Mei 1955	31 Mei 1954	
£	£	£	£	£	£	£	£
Surpluse oorgebring van Departementele Inkomste en Uitgawerekenings.							
Graan	172,312	181,526	162,618	301,741	343,475	241,712	1,403,384
Handel	83,012	91,630	60,733	36,319	37,142	27,483	336,319
Saadskoonmaak	13,749	13,197	7,452	5,605	5,736	550	35,079
Assuransie	6,472	9,297	400	4,459	-	-	10,910
Meule	11,040	10,390	4,480	449	1,138	13,472	27,913
S.W.A. Koperatiewe Meule	722						722
Viljoenskroon, Nywerhede	Dt 26,229	18,153	12,619	6,065	9,079	6,587	14,144
Smidswinkel	1,544	-	-	-	-	-	1,544
Huur	56	53	34	45	42	42	272
Kommissie	336	212	45	94	2,786	929	4,402
Rente	64	-	-	750	-	-	814
Dividende	2,094	2,010	688	1,232	925	1,027	7,976
Ander Inkomste	-	1	-	-	-	-	1
	262,084	305,689	248,269	324,501	398,047	291,802	1,830,392


Bylae 14.

Bylae 7 weergegee in persentasies.

	1958/59	1957/58	1956/57	1955/56	1954/55	1953/54	Totaal
Salarisse	22.1	20.9	12.0	16.2	15.4	13.4	100
Lone	22.6	22.8	13.8	16.1	13.6	11.1	100
Assuransies	35.7	23.1	11.7	19.1	6.8	3.6	100
Advertensies	52.8	47.2	-	-	-	-	100
Algemene Koste	34.2	23.6	12.5	10.7	15.5	3.5	100
Bankkoste	17.2	25.2	14.2	21.5	12.9	9.0	100
Skryfbehoeftes	30.9	15.1	11.9	13.6	16.1	12.4	100
Donasies	3.8	19.2	15.3	15.4	27.1	19.2	100
Eiendomsbelasting	22.8	23.0	17.1	15.9	10.1	11.1	100
Geregtelike Onkoste	2.8	47.	3.4	.78	-	-	100
Onderhoudskoste	31.1	20.6	8.4	13.9	7.5	18.5	100
Ouditergelde	16.9	18.5	16.6	16.6	16.6	14.8	100
Reiskoste: Direkteure	18.0	14.5	13.5	18.9	18.1	17.0	100
Personeel	24.5	23.2	18.6	11.9	11.8	10	100
Telefoon, ens.	19.8	19.8	13.4	16.4	16.2	14.4	100
Water, ens.	24.6	27.7	11.2	12.7	12.6	11.2	100
Slegte Skuld	-	35.4	10.0	19.5	35.1	-	100
Kleinbatesafgeskryf	4.4	31.6	37.0	27.0	-	-	100
Waardevermindering	9.	14.2	33.9	16.1	14.5	12.3	100
	22.7	20.7	13.3	1.6	15	12.3	100

Bylae 15.

Wins- en verlieskruispunt vir die 1954/55-seisoen.



12

Bylae 16.

Wins- en Verlieskruispunt vir die 1955/56-seisoen.

11

10

9

8

7

6

5

4

3

2

1

0

Netto
Inkomste

Wins- en verlieskruispunt →

Totale Koste

Bruto Inkomste

Veranderlike Koste

Skaal : X as : 1" = 1½ milj. Sakke
Y as : 1" = £100,000

1½


3

4½

6


7½

9




Bylae 17.

Wins- en Verlieskruispunt vir die 1956/57-seisoen.




Bylne 18.

Wins en Verlieskruispunt vir die 1953/54-seisoen.



Bylae 19.

Wins- en Verlieskruispunt vir die 1957/58-seisoen.
(vgl Blocker; 1954; 462).



Opsomming van die Mieliehandelsrekening van die verskeie Seisoene.


	1957/58	1956/57	1955/56	1954/55	1953/54
Uithetalings aan Produsente	£13,709,088	10,358,273	10,727,495	12,220,087	9,763,926
Aantal Sakke	9,566,226	7,072,351	7,199,345	7,904,337	6,120,013
Lewerings namens die Raad Tekort afgedra.	13,522,703	10,302,446	10,683,066	12,143,983	9,735,634
Balans verteenwoordig deur voorraad	123,160				
	x 63,225	55,827	44,429	76,104	28,292
£	13,709,088	10,358,273	10,727,405	12,220,087	9,763,926
Aantal sakke: Lewerings	9,450,442	7,038,963	7,174,073	7,863,978	6,108,431
Tekort	87,975				
Voorraad	27,809	33,388	25,272	40,359	11,582
	9,566,226	7,072,351	7,199,345	7,904,337	6,120,013
	£	£	£	£	£
Hanteringsvergoeding	387,999	289,713	296,003	323,821	244,449
Opbergingsvergoeding	809,565	584,991	734,549	1,080,651	572,171
Spesiale vergoeding vir Buitestapeling.	6,637	-	16,111	32,152	-
	1,204,201	874,704	646,663	1,436,624	816,620
Tekort op Verhoop afgebring	x 63,224	55,827	44,429	76,104	28,292
Swak en stukkende sakke	23,073	14,041	14,212	8,065	-
Padmotordienskosse	-	-	-	5,904	-
Direkte Kosse	66,346	55,067	45,401	53,996	37,158
Landbankrente	339,891	231,013	311,005	422,583	202,134
Boetes teen vergoeding.	1,043	1,010	764	155	-
Surplus oorgedra na die Graan- afdeling, Inkomste en Uitgewerekening.	700,624	517,746	630,852	869,817	549,036
Oorgedra na die 1959/60 finansiële jaar.	10,000	-	-	-	-
	1,204,201	874,704	1,046,663	1,436,624	816,620

x Hierdie bedrag is 'n voorsiening aangesien hierdie oes nog nie afgehandel was op die laaste datum van afsluiting nie.

Die berekening is as volg gedoen:


.29% op mielies in sakke geskuur en
.46% op die waarde daarvan.

DIE ORGANISASIE VAN SENTRAAL-WES.




Bylae 22.

Die kumulatiewe frekwensiekurve van bruto inkomste
vanaf 1953/54 tot 1957/58.




Bylne 23.

Kumulatiewe Kostekrone.




Bylae 24.

Inkomstekrome vir die verskeie seisoene.



Bylae 25.

Skematiese voorstelling van bruto inkomste.



Bronnelys.

Bos, C.J. : Sentraal-Wes as Landboukoöperasie, Potchefstroom,
Augustus 1956.

Henrici, S.B. : Standard Costs for Manufacturing, Pittsburgh, 1953.

Blocker, J.G. and Weltmer, W.R. : Cost Accounting, Kansas, 1954.

Coetzee, Dr. F.J.J. : Landboukoöperasie in Suid-Afrika met
besondere verwysing na finansiering, Leiden 1957.

van der Schroeff, Prof. Dr. H.J. : De leer van De Kostprys,
Amsterdam, 1957.

Offisiele Jaarboeke van die Unie van Suid-Afrika, Staatsdrukker,
Pretoria.

Departement van Landbou: Boerdery in Suid-Afrika; Mielieproduksie
styg ten spyte van skommeling, Januarie 1959.
